

BAY TYRES
MAIN ROAD, GANSBAAI



**BEST PRICES &
SERVICE
IN TOWN**

ERNA / JUDITH
074 690 6882

Gansberg

Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Hermanus, Stanford

22 October 2021

69th Edition

R7.00

SUPERSPAR

Main Road, Gansbaai
028 384 0269

MON - THUR: 08H00 - 19H00

FRIDAY: 08H00 - 20H00

SAT: 08H00 19H00

SUNDAY: 08H00 - 15H00

Suspected outbreak of Avian Flu on the West Coast -Western Cape Department of Agriculture-

Western Cape authorities are responding to a suspected outbreak of Avian Influenza amongst wild seabirds in the Bergrivier Municipality on the West Coast as well as the Walker Bay area in the Overberg. All disaster nodes have been alerted and Bergrivier Municipality, both the Overberg and the West Coast District Municipalities and CapeNature have already deployed teams of officials to collect the dead and sick birds. Veterinarians are on the scene assisting and officials are following the advice provided by Veterinary Services in terms of how to manage the sick birds.

The Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Anton Bredell, is urging the public to avoid the area and in particular not to touch and collect sick birds. "It is critical to prevent the spread of the disease. This means people must not attempt to assist or transport any sick birds, even to take them to rehabilitation centres and veterinarians as this could spread the disease. It is critical to keep a controlled environment."

At the moment, the Bergrivier Municipality



Cape cormorant (Phalacrocorax capensis) - © Wilfred Chivell

Ask for more info or visit www.dict.org.za

remains the hotspot area with reports of dead birds from Veldrif to Arniston. Neighbouring municipalities have been alerted and urged to be cautious and to keep an eye out for the potential spreading of the disease. There are additional hotspots on Dyer Island and Robben Island which are receiving attention. The Western Cape Disaster Management Centre is currently assessing to determine if the outbreak constitutes a disaster or not. "This is a serious situation. We note that the dead are occurring currently amongst endangered wild birds, including cormorants. Yesterday alone an estimated 1 500 dead cormorants were collected in the region."

The current virus strain was detected in wild birds in May 2021, mainly affecting gulls. The first cormorant was diagnosed with the disease in mid-September and cases have increased rapidly over the past week.

"This is an incurable disease affecting birds that is not preventative, can not be treated and is highly contagious to birds," says Bredell.

There is also currently no evidence that this virus poses any risk or threat to humans. However, humans can transmit the virus from sick birds to other birds if their clothes or hands get contaminated. People are advised not to handle the birds at all unless it is absolutely unavoidable and in that instance to please use gloves and face masks.

The Disaster Management Centre urges the public to be vigilant and report unusual mortalities in any birds to their local municipality, conservation authority or state veterinarian. Contact details for state veterinarians are available at


<https://www.elsenburg.com/services-and-programmes/veterinary-services-0#s=Animal-Health-and-Disease-Control>



Cape cormorants (Phalacrocorax capensis) on Dyer Island - © Wilfred Chivell

Ask for more info or visit www.dict.org.za

Anne-Marie Cookson-Mars
+27 (0)63 995 0559 / +27 (0)65 844 3021
planetmarsprojects@gmail.com



We specialise in:

- Laminated flooring
- Vinyl flooring
- Polyurethane screeds
- Epoxy floors
- Hardwood flooring
- Servicing of existing wooden flooring
- After building house cleaning
- Lime washed floors
- Varnishing of floors
- General maintenance
- Cornice & Skirtings
- Paint works

COMPUTER HUT

25 Dirkie Uys Str, Gansbaai info@tchwissp.co.za 028 384 1443 076 671 8630

Watertech Plumbing

Kontak nr: 081 403 1151 (Lizle Germishuys)
081 377 8165 (Johan Germishuys)
Kantoor Nr: 028 007 0429
Na Ure: 082 464 7226

Gelisensieerde Loodgieter en PIRB geregistreerd.
Ons werk tans van die huis af te Kano str 23, Gansbaai.

INDEPENDENT RELIABLE LOCAL

House 2 Home Movers

Moving made easy

MOVING SOON?

Anita: 082 303 6955
house2home.move@gmail.com

Franskraal Mini Mark
Kassier / Winkelassistent

Vereistes:

1. Minimum Gr.12
2. Toepaslike ondervinding
3. Eie vervoer
4. Bereid om naweke en skoolvakansie te werk.
5. Flink, hardwerkend en fisies gesond om lang ure te werk.

Stuur asb u CV van nie meer as 1 A4-bladsy na gdfmarais@gmail.com

Gee kort uiteensetting van u werksgeskiedenis asook kontakbare verwysing van vorige werkgewers.

Indien u nie binne 14 dae van ons gehoor het nie, het u nie kortlys gehaal nie.

Personne wat wil aansoek doen vir vakansie werk vir die komende Desember is ook welkom.

The outbreak of Avian Influenza -Comments by Dyer Island Conservation Trust-

A letter distributed by the Western Cape Department of Agriculture referred to the suspected outbreak of Avian Influenza amongst wild seabirds in the Bergvliet Municipality on the West Coast as well as the Walker Bay area in the Overberg.

Gans-Berg News asked Dyer Island Conservation Trust Conservation Manager, Trudi Malan for comments:

"The management authorities of all colonies and seabird rehabilitation facilities around the coastline are monitoring the situation. All necessary precautionary protocols to contain the spread of the disease have been implemented. Extended surveillance and collaboration across sectors are assisting with further epidemiological evaluations."

"Affected birds show neurological signs such as twitching and head tremors and may have difficulty breathing. Birds occur dazed and off-balance. Flying birds lose their ability to sustain flight and will appear 'tame' or be seen flapping around on land or in shallow water."

"Conservation authorities are often asked if nothing can be done to prevent the disease. Unfortunately, there is no treatment or cure. In the poultry and ostrich industry, culling is done to prevent the spread of the disease. When it comes to wild birds, sick birds will be humanely euthanized to prevent suffering and the further spread of the disease. There is no benefit to be gained in attempting to control the virus through culling or habitat destruction. Increased surveillance and the removal and correct disposal of carcasses will further mitigate the spread of the disease. The relevant authorities will implement these actions according to the correct protocols."

"In the wild, avian influenza is most often spread by direct contact between infected birds and healthy birds. The avian influenza

virus is found in secretions from the nares (nostrils), mouth, and eyes of infected birds and is also excreted in their droppings (excreta)."

"If you do come across any dead sea birds on the beach, we would like to request that you take a photo of the birds, note the location, number of dead birds and species if you can identify the species. Please send this information to us either via Whats App or SMS to the African Penguin and Seabird Sanctuary on 072 598 7117 or email to penguin@dict.org.za. We will inform the relevant authorities."

Trudi Malan (Dyer Island Conservation Trust Conservation Manager)



Your choice makes a difference - Discover and Protect

Ask for more info or visit www.dict.org.za

KRIGE Tree Service
SINCE 1991

Contact us for a free quotation:
Call Francois - 082 658 0427 - krigetrees@gmail.com

Boom saag en snoei van bome.
Verhuur van chipper, Verkoop van chip

There is only one name to remember

NASHCA FUNERALS

Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones

64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus
028 316 1659

23 Main Road, Kleinmond
028 271 4971

Barnhouse, 33 Main Road, Gansbaai
028 384 0251

7 Queen Victoria Street, Stanford
028 34 101 34

082 322 0874

GREEFF | CHRISTIE'S INTERNATIONAL REAL ESTATE

Let our real estate expertise WORK FOR YOU

For free professional local advice contact:
Jaco & Reon
083 235 0241

BLINDS & FLOORING @studio

T 028 384 3898
C 082 417 5590

Shop 2, Protea Centre,
Main Road Gansbaai

Call us for a FREE quotation

We do Blinds, Shutters, Awnings, Carpets, Flooring

info@blindsflooring.co.za



Prism Consultants

PERSONAL RISK INSURANCE & SECURITY MANAGEMENT

FSP LICENCE NO: 14524

AFFILIATED WITH BOLAND MAKELAARS

"Ons wil ook almal nooi om u gratis Kwotasie en Boerewors rol te kom geniet op die 19de November"

TEL: 028 384 0800
www.prismconsultants.co.za

28 MAIN ROAD
GANSBAAI

"We listen to the food at Brinjals & Thyme Café"

Brinjals & Thyme Café




126 Main Rd, Hermanus ☎ 076 176 5708

Gansbaai CPF 'Salute the Working Women' of Gansbaai

On Saturday 02 October 2021 Gansbaai CPF Executive Committee held a belated Women's Day 'Tea' for the 'working' women of Gansbaai.

The committee felt that it was time to give back to the ladies who work in retail providing excellent service and who are often taken for granted. Twenty ladies were invited from various retail businesses to attend the 'Tea'. The goal was to make each lady feel special by spoiling her with gifts and tasty treats.

Gansbaai CPF Chairperson welcomed the guests and Sylvia Welkom entertained them with her beautiful songs.

Gretha Hanekom Managing Director I-Med Africa was the guest speaker and shared with the ladies her journey with all its obstacles and successes. Her motivation to each was 'be yourself, take time out and look after yourself. Her words: "Don't hide behind any mask, take it off and be you!" She also



Sylvia Welkom, Gansbaai CPF Chairperson Julia Barlow, Gretha Hanekom Managing Director I-Med Africa and Gansbaai CPF Committee member Marieta Rademeyer.

briefed everyone about the work of I-Med Africa within our community. They are a non-profit organization focusing on helping the children of the Overstrand by providing sustainable health in education to parents and caregivers in rural settlements. Part of the education is using home remedies and growing herb gardens in rural areas.

After Gretha's presentation, the ladies enjoyed liquid refreshments and tasty eats. The committee enjoyed spending a wonderful morning with each lady. Each guest received a 'herb pot' gift from I-Med Africa and other gifts.

We thank the following for their gift contribution: Gans-Berg News; Michele de Jager Sh'Zen; Kobus de Kock Hoogstraat Vleismark and Gansbaai SuperSpar. For the refreshments: Fifi Amien, Tolbos and Anna's Pies.

In closing, I thank each lady for attending, please remember your dedication and good work is appreciated.

Julia Barlow
Gansbaai CPF Chairperson



Gansbaai CPF Project Co-ordinator Joanne Lewis with the lucky draw winner.



Ladies listening to the guest speaker.



Advertise here!!
Contact us
ads2@gansberg.co.za
ads3@gansberg.co.za

Oom Piet se Wasmandjie

Laundry Services:

- Washing
- Folding
- Ironing
- Free Pick Up & Delivery

R20/kg


Uilenkraalsmond to De Kelders

Monday - Friday

082 888 2722 | wasmandjie@gmail.com

6 Fabrik Street, Gansbaai, 7220

Overberg Scaffold & Machine Hire



Verhuring van alle boutoerusting:

Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)

Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)

Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.

Industriële Sirkel, Industriële Area
Gansbaai
Tel/Faks: 028 384 0189
Fanie Bothma
Sel: 083 296 2676

Huis Immanuel

God met Ons

Frail Care Palliative Care Dementia Care

Tel: 082 047 4577 / 082 742 4648

Adres: h/v Voortrekker en Kerkstraat, Gansbaai

info@huisimmanuel.co.za

HaS en Goue Hande se 'filmsterre'

Dit was 'filmsterre' net waar jy kyk in Herberg aan See (HaS) se gange en kamers op Dinsdag en Woensdag, 12 en 13 Oktober 2021 - en breë glimlagte het diegene wat reeds voor die TV-kameras verskyn het, se 'geheim' verklap!



Inwoners oefen liedjies om saam met Sonja Herholdt te sing, terwyl die kameraman dinge gereed kry.

Die groot opgewondenheid gaan oor Lottoland en die filmspan van Homebrew Films wat HaS besoek het. 'n Spesiale program oor die tehuis en Gansbaai Goue Hande is verfilm. "Die verfilming was die inisiatief van Lezaan le Roux, dogter van Moira le Roux, een van ons verpleegsters," vertel Anita van Dyk. Lezaan het



Opgewonde personeellede saam met Sonja Herholdt, 2de van links langs Lettie Wiese.

'n episode van Lottoland op TV (Kyknet) gesien en hulle webtuiste op Facebook besoek. Daar het sy kennis geneem van inskrywings wat aan Lottoland gestuur kan word, waarby tehuise vir bejaardes groot baat kan vind. Lezaan het hierdie inligting aan Moira oorgedra, wat weer op



Die nimlike Sonja Herholdt.

haar beurt vir Anita ingelig het. Anita het nie op haar laat wag nie en inskrywingsvorme is ingestuur - met die besoek van 'n filmspan aan HaS as resultaat.

Die grootste gedeelte van die opgewondenheid was die grimeerkunstenaar, Danielle Carr se aandag aan almal wat voor die kameras moes verskyn. "Ek dink nie iemand sal my met hierdie grimering herken nie, want ek word nooit so gesien nie!" het Francia van Dyk, sameroeper van die Goue Hande gesê. Die kantoordames, Anita van Dyk en Lynette Andrews, weet toe te vertel dat hulle só op hulle gemak voor die kameras gevoel het, dat hulle dink hulle het hulle beroepe gemis - "ons moes filmsterre geword het!"

Baie aandag met die verfilming is ook aan die werk van Gansbaai Goue Hande gegee, waarby baie lede betrokke is. "Ons het ook kennis geneem van die Goue Hande se onbaatsugtige vrywillige dienste aan die inwoners, asook dat hulle in 2014 as die 'Vrywilligersgroep van die Jaar' vereer is," het Annemie Lombard, Inhoudsvervaardiger van Homebrew Films gesê.



Francia van Dyk, gereed vir die kameras, saam met die grimeerkunstenaar, Danielle Carr.

"Sulke diens wat gelewer word is waarna ons op die uitkyk is om hulle krediet te gee, maar ook om andere te motiveer om dieselfde te doen." Enkele aktiwiteite wat deur die produksiespan verfilm is, is die inwoners se oefeninge, haarsalon, rolstoelstap, stimulering (speletjies) en tuin- en naaldwerk aktiwiteite. Verskeie vrae is vooraf op die inskrywingsvorm gevra, waarvan een was: "Wat maak julle anders as ander ouetehuise?" Daarop was die antwoord: "Ons bestuur, personeel en al ons inwoners is een groot familie onder een dak en dit is vir almal van ons 'n voorreg om deel van hierdie familie te kan wees!" "Na 'n bedryf twee dae is ons vandag weer terug na 'normaal' en wat 'n ondervinding was ons besoek aan Gansbaai se Herberg aan See nie gewees nie," vertel Maryka Haywood, aanbieder van Lottoland. "Ongelukkig is dit maar so dat ons nie veel van ons verfilming mag verklap voordat die program nie gebeeldsend is nie. Al wat ek mag sê is dat al die betrokkenes maar vir die



Sonja Herholdt, John van Rooyen en Maryke Haywood nadat John blomme aan hulle oorhandig het.

uitsending van die program op 20 November 2021 sal moet wag."

Een van Suid-Afrika se sang-legendes, die nimlike Sonja Herholdt, het saamgekom vir 'n onderhoud deur die filmspan met haar. Sonja het agter HaS se klavier ingeskuif en die inwoners het die voorreg gehad om saam met haar te kon sing. "Om hier te kon wees, was vir my soos 'n presentjie uit die hemel," het Sonja gesê.

Die vriendelike span wat vir die verfilming van HaS en Goue Hande verantwoordelik was, is eerstens Lottoland se verteenwoordiger en aanbieder, Maryke Haywood. Dan is daar die filmspan van Homebrew Films: Annemie Lombard (inhoudsvervaardiger), Hein Scholtz (regisseur), Ewan Taute (klankman), Rupert Nel (hoof-kameraman), Ruan Pienaar (kameraman), Carla Temmers (toerusting en 'Jane of all trades') en Danielle Carr (grimeerkunstenaar).

Onthou gerus van hierdie spesiale TV-program wat op Saterdag 20 November 2021 om 18:00 op kanaal 144 (KYKNET) gebeeldsend sal word. Lesers van Gans-Berg Nuus sal in die voorafgaande week weer aan die uitsending herinner word.

Hardus Botha



Lezaan le Roux en haar ma, Moira le Roux.

Gansbaai CarWash & Gansbaai CarWash Mobile Unit

Linda: 083 231 6181

Met elke Vol Was (Was & Stofsuig) skenk Gansbaai CarWash 'n R10.00 ten bate van Borskanker vir 'n periode van 1 Oktober 2021 tot 30 Oktober 2021. Enige Donasies is ook welkom. Alle gelde sal inbetaal word in 'n rekening wat deur Gansbaai Arrie Nel Apteek Groep gemoniteer en uitgedeel sal word aan benodighede vir Kankerlyers.

Maandae - Vrydae 08:00 - 17:00
Saterdag 08:00 - 13:00

SPECIALISTS IN:

- WATERPROOFING
- CONCRETE DECKS
- ROOFS & FLASHINGS
- CEMENT DAMS & FARM DAMS
- RIISING DAMP & PENETRATING DAMP
- INTERIOR & EXTERIOR PAINTING
- ROOF, GUTTER & DOWN-PIPE PAINTING & REPAIRS
- WOOD SPROCKET REPAIRS
- ALL RELATED SERVICES
- TORCH ON

TOP SEAL
WESTERN CAPE

060 952 9133

admin@topsealwesterncape.co.za

WATERPROOFING & PAINTING www.topsealwesterncape.co.za



OVERSTRAND MUNICIPALITY
ERVEN 2467 & 2474, 25 BERGGANS STREET, GANSBAAI: APPLICATION FOR SUBDIVISION, REZONING, CONSOLIDATION, PARTIAL CLOSURE OF A PUBLIC PLACE, DELETION OF A CONDITION OF APPROVAL AND DETERMINATION OF AN ADMINISTRATIVE PENALTY: MESSRS PLAN ACTIVE TOWN AND REGIONAL PLANNERS ON BEHALF OF MRS EL ALDRICH & OVERSTRAND MUNICIPALITY

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) of the following applications applicable to the above-mentioned erven, namely:

- subdivision of Erf 2467, Gansbaai in terms of Section 16(2)(d) of the By-Law in two portions, namely a remainder and unregistered Erf6219, Gansbaai (±135m²);
- rezoning of the subdivided portion in terms of Section 16(2)(a) of the By-Law from Open Space Zone 2 (OS2) to Residential Zone 1 (SR1);
- closure of a portion of a public place in terms of Section 16(2)(n) and the amendment of General Plan 1802/1998;
- consolidation in terms of Section 16(2)(e) of Erf2474 and a portion of Erf2467, Gansbaai;
- deletion of a condition in terms of Section 16(2)(h) in respect of an existing approval; and
- determination of an administrative penalty in terms of Section 16(2)(p).

Full details regarding the proposal are available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Department: Town Planning, 16 Paterson Street, Hermanus and Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai. Any comment must be in writing, quoting your name, address and contact details, as well as your interest in the application and the reasons for comment, which comment must reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (f) 0283132093 / (e) alida@overstrand.gov.za) on or before 26 November 2021. Telephonic enquiries can be made to the Senior Town Planner, Mr SW van der Merwe at 0283138900.

The Municipality may refuse to accept comments received after the closing date. Any persons who cannot read or write may visit the above appropriate Municipal Department where a Municipal official will assist them in formulating their comment.

Municipal Manager, Overstrand Municipality, P.O. Box 20, HERMANUS, 7200

Municipal Notice No. 152/2021

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT
ERWE 2467 & 2474, BERGGANSSTRAAT 25, GANSBAAI, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: AANSOEK OM ONDERVERDELING, HERSONERING, KONSOLIDASIE, GEDEELTELKE SLUITING VAN 'N OPENBARE PLEK, SKRAPPING VAN 'N VOORWAARDE VAN GOEDKEURING EN BEPALING VAN 'N ADMINISTRATIEWE BOETE: MNRE PLAN ACTIVE STAD- EN STREEKSBEPLANNERS NAMENS MEV EL ALDRICH & OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

Kennis word hiermee gee kragtens Artikel 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) vir die volgende aansoeke van toepassing op bogenoemde erwe, naamlik:

- onderverdeling van Erf 2467, Gansbaai in terme van Artikel 16(2)(d) van die Verordening in twee gedeeltes, naamlik 'n restant en ongeregistreerde Erf6219, Gansbaai (±135m²);
- hersonering van die onderverdeelde gedeelte in terme van Artikel 16(2)(a) van die Verordening van Oopruimte Sone 2 (OS2) na Residensiële Sone 1 (RS1);
- sluiting van 'n gedeelte van 'n openbare plek in terme van Artikel 16(2)(n) en die wysiging van Algemene Plan 1802/1998;
- konsolidasie in terme van Artikel 16(2)(e) van Erf 2474 en 'n gedeelte van Erf 2467, Gansbaai;
- skrapping van 'n voorwaarde in terme van Artikel 16(2)(h) ten opsigte van 'n bestaande goedkeuring; en
- bepaling van 'n administratiewe boete in terme van Artikel 16(2)(p).

Volle besonderhede rakende die voorstel hierbo is beskikbaar vir inspeksie gedurende weksdae tussen 08:00 en 16:30 by die Departement: Stadsbeplanning, Patersonstraat 16, Hermanus. Enige kommentare moet skriftelik wees, u naam, adres, en kontakbesonderhede bevat, sowel as u belang in die aansoek en die redes vir kommentaar, welke kommentaar die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus / (f) 0283132093 / (e) alida@overstrand.gov.za) moet bereik voor of op 26 November 2021. Telefoniese navrae kan gerig word aan die Senior Stadsbeplanner, Mnr SW van der Merwe by 028 313 8900.

Die Munisipaliteit mag weer om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persone wat nie kan lees of skryf nie kan bogenoemde toepaslike Munisipale Departement besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit, Posbus 20, HERMANUS, 7200

Munisipale Kennisgewing Nr.152/2021

UMASIPALA WASEOVERSTRAND
IZIZA EZINGUVERVEN 2467 & 2474, 25 BERGGANS STREET, GANSBAAI: ISICELO SOKWAHLULAHULA, UKUCANDA KWAKHONA, UKUYONDELELANISA, UKUVALWA INXALENYE YENDAWO YOLUNTU, UKUBHALISWA KWENDAWO YOKUNQUMILA NOKUHAMBA ABANTU ABANIKEZELA NGEENKONZO, UKUCINYWA KWEEMKO ZOKUVUMELA NOKUQIKELELA IPENALTHI/UMDLIWO WOBHALISO: MESSRS PLAN ACTIVE TOWN AND REGIONAL PLANNERS EGAMENI LIKANKSZ EL ALDRICH & NOMASIPALA WASEOVERSTRAND

Kukhuthswe isaziso esimayela nemiba yeSoloty lama-47 nelama-48 Omthethwana Osisihlomelo SoMthetho kaMasipala waseOverstrand Ongezicwangciso Zokuseyenziswa koMhlaba kaMasipala ku2020 uMthethwana) wesicelo eislandelayo nezichazwe ngasentla nezibizwa ngokuba:

- ukwahlulwa kweSiza esinguErf 2467, Gansbaai ngokwemiba yeSoloty le16(2)(d) loMthethwana ube zinxalenye ezimbini, ezibizwa intsalela nesiza esingabhaliswanga uErf 6219, Gansbaai (±135m²);
- ukucandwa kwakhona kwenxalenye eyahlulweyo ngokweSoloty le16(2)(a) yoMthethwana Okwindawo Evulekileyo eyaziwa ngokuba iOpen Space Zone 2 (OS2) ukuya kwiZoni eyindawo Yokuhlala eyaziwa ngeResidential Zone L (SR1);
- Ukuvalwa kwenxalenye yendawo kawonkewonke ngokweSoloty le16(2)(n) nokuhlonjiswa kweSicwangciso Gabalala esaziwa ngeGeneral Plan 1802/1998;
- ukuyondelelanisa nokulungelelanisa ngokwemiba yeSoloty le16(2)(e) neSiza esinguErf 2474 nixalenye yeSiza esinguErf 2467, Gansbaai;
- ukususwa/ukucinywa kwemiba yeSoloty le16(2)(h) esimayela nokuvumela okusebenzayo;
- nengqikelelo yepenalthi/yomdlivo ngokwemiba yeSoloty le16(2)(p).

linkukacha ezipheleleyo mayela nesi siphakamiso ziyafumana kwiintsuku zaphakathi evekini ukususela phakathi kwentsimbi ye08:00 neye 16:30 kwiSebe: Lezicwangciso zeDolophu, 16 Paterson Street, Hermanus neGansbaai Library, Main Road, Gansbaai. Zonke izimvo mazibhalwe phantsi, uchaze igama lakho, idilesi neenkukacha ofumaneka kuzo, kunye nomdla wakho kwesi sicelo nezizathu zakho zokuhlomla kufuneka zifike kwaMasipala (16 Paterson Street, Hermanus / (f) 0283132093 / (e) alida@overstrand.gov.za) ngomhla o k a n y e n g a p h a m b i k o m h l a w a m a 26 uNovemba 2021. Imibuzo ngefowuni ingabuzwa kuMcwacngisi weDolphu OyiNtloko, uMnu SW van der Merwe kwa 0283138900.

Umasipala anagala ukwamkela izimvo ezifike emva kwexesha okuvula. Nabani na ongakwazi ukubhala nokufunda angaya kwiSebe likaMasipala apho igosa likaMasipala liza kumnceda ukuhlomla nokufaka isicelo sakhe ngokusemthethweni.

Umlawuli kaMasipala, Overstrand Municipality, P.O. Box 20, HERMANUS, 7200

Inothisi kaMasipala Nomb. 152/2021

Hands

Face

Space



Besorgde boothengelaars se voorstel

Die doel van hierdie brief is om kommentaar te ontlok van boothengelaars wat van Kleinbaai-sleephelling gebruik maak. Dit is hoogtyd dat almal die geleentheid ontvang om hul menings te lig en voorstelle te maak. Maak gerus van hierdie geleentheid gebruik.

Ons verneem dat van die haaibooteienaars wat weens omstandighede in die knyp was, tegemoet gekom is. Indien dit korrek is, is dit 'n mooi gebaar. Die voorstel wat hier volg, word deur 'n paar van ons 'gewone' manne met 'gewone' bote ingedien. Ons het die afgelope jare gereeld ons jaarlikse lanseerfooie betaal (wat terloops ook gereeld verhoog word).

Dit word ook vir ons moeilik om by te hou, en daarom die voorstel, wat ons meen 'n goeie oplossing aan alle betrokkenes sal bied. Ons rig hierdie versoek aan die betrokkenes by Gansbaai Munisipaliteit



wat vir marine-aangeleenthede verantwoordelik is.

Ons stel voor dat die jaarlikse lanseertyd in 2 x 6-maande periodes verdeel word. Dit sal dus 'n halfjaarlikse betaling van lanseerfooie moontlik maak, en die skipper kan dan self hieroor besluit.
Tans is die indeling: Julie tot Junie.
 Ons alternatiewe voorstel vir 'n nuwe indeling, is soos volg:
 1(a) - Julie tot Desember;
 1(b) - Januarie tot Junie.
OF:
 2(a) - Maart tot Augustus;
 2(b) - September tot Feb.

Die opsie om per lansering te betaal, bestaan reeds en besorg volgens ons nie probleme nie.

Om tyd te bespaar, word boothengelaars uitgenooi om so spoedig moontlik briewe in hierdie verband aan die Gans-Berg Nuus vir plasing te stuur, wat dan moontlik deur die betrokkenes by die munisipaliteit beantwoord kan word.

Briewe vir plasing moet nie afbrekend wees nie. Relevante voorstelle moet noodsaaklik en prakties van aard wees, wat verbetering tot gevolg sal hê. Op hierdie wyse sal ons samewerking bevorder. Ons dank u vir die begrip.
Besorgde Boothengelaars

(Redaksionele kommentaar: Briewe kan na info2@gansberg.co.za gestuur word, of dit kan by Gans-Berg Nuus in die Proteasentrum (oorkant Gansbaai Poskantoor) afgelewer word. Die redaksie behou die reg voor om die briewe te plaas al dan nie.)

BAYVIEW

AFSLAG MEUBILEERDERS

16 Dirkie Uys Straat, Gansbaai

sales@bayview.co.za / Tel: 028 384 0358

Nu-World, Defy, Bosch, Cloud Nine, Rest Assured, Truform, Kic, Hisense, Samsung & LG.

Ons is u plaaslike verskaffer van JVC, Goldair, Sunbeam, Telefunken en Aiwa produkte teen die beste pryse.

Diens bly ons besigheid.

Church Notices

AGS Church Ebenhaezer:

Sunday Morning: 09:30am
Past. R Dyk 082 430 0266
Biduur (Mans) Dinsdag: 19h00
Biduur (Susters) Donderdag: 19h00

AGS Mullerstraat:

Sunday Morning: 09:00am (Worship Service)
Past. Frikkie Zeelie 082 498 6992

Afrikaanse Protestantse Kerk (Birkenhead Boatclub)

Sunday of the Month: 10:00am
Annetjie Otto 082 431 4980

Lede in Christus Kerk

Morning Service 10:00am
Evening Service 18:00pm
Wednesday: (Prayer hour) 19:00pm
Thursday: (Bible School) 18:15pm
Friday: (Womens Prayer hour) 10:00am
Sunday: (Childrens Service) 08:30am
Past William Parkin 060 982 1990

Nederduitsch Hervormde Kerk (Hermanus)

Every 2nd, 3rd and 4th Sunday (Sandbaai):
11:30am
Rev G.D van der Merwe 073 418 2346

New Apostolic Church (Gansbaai Tourism)

Bureau Next to Spar

Sunday 09:00am
Wednesday 19:00pm
Rector: Aubrey Lourens 076 651 6789

NGK Gansbaai

Sunday 09:00am (In Church)
Sunday 09:00am (Family Service in Pretorius Hall)
Office number: 028 384 0510

NGK Baardskeedersbos

1st and 3rd Sunday of the Month: 09:30am

NGK Pearly Beach

2nd and 4th Sunday of the Month 09:30am

OMGEE Bediening (Church Street, Gansbaai)

Sunday 09:00am
Tuesday 07:00am (Men's Bible Study)
Wednesday 18:00 (Prayer)
Deon en Linda Kloppers 083 234 2199 & 082 550 7313

OMGEE Puren Bediening (Pearly Beach)

Sunday 11:00am (Hall at Resort)
Deon Kloppers 082 234 2199 (Alan Lowenthal)

Gansbaai Family Church (Buitekant Street)

Sunday 09:00am
Weekly Prayer Meeting: Tuesday's at 17:00pm
Melissa Bester 081 389 3817 (All are Welcome)

APK Kerk

Annetjie: 082 431 4980

Grace Community Fellowship, Gansbaai

We are English, Bible Based, Evangelical Fellowship.
Meets at Gansbaai Library
Sundays at 09:00
Enquiries:
Dave Roos at 028 384 1107
082 686 4244

Wondersig Tabernakel (Christen Kerk)

Almal hartlik welkom
Sondae oggende: 10:45
By OMGEE bediening kerksaal
Kerkstraat 30, Gansbaai
Pastoor F Janssen 079 419 7070

Please contact us on
028 205 0100 or email at
info@gansberg.co.za to update
your Church hours and dates.

Gansbaai neem afskeid van geliefde kunstenaar -Olga Kuschke-



"Daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan," het Olga Kuschke (86) tydens een die afskeidsfunksies gesê wat vriende vir haar gereël het. Olga het Gansbaai op Vrydag 14 Oktober 2021 verlaat, met Worcester wat haar nuwe tuiste sal wees. Sy het na Huis Andries Hamman in Worcester verhuis. Tydens Olga se tyd in Gansbaai, waarvan die laaste 6 jaar in haar tagtigerjare, is daar uitstaande woorde wat haar as mens kan beskryf: 'formidabel', 'talentvol', 'bedrywig' en 'geliefd'.

Hierdie geliefde mens het veral met haar uitstekende kuns- en kwiltwerke diep in haar vriende se harte in gekruip. Gedurende die week voor haar vertrek, is sy met afskeidsfunksies onderskeidelik deur vriende, haar kuns studente en haar kwiltgroeplede verras. "Olga bied

al vir die afgelope 10 jaar skilderklasse vir ons hier in die Lionsklub se saal aan," het Ivy van Huyssteen gesê, wat die funksie vir Olga gereël het.

'n Dag voor haar vertrek het Floors en Marié Avenant 'n geselligheid vir Olga saam met nog twee vriende, Anita Botha en Trienke Laurie gereël. Dié vier was ook, saam met Olga, koorlede van die die NG-Kerkkoor. Marié het haar klarinet nadergebring en hulle het 'Laat Heer u seën op haar daai', hartlik vir Olga gesing - met trane wat vryelik gevloei het.

Baie herinneringe en staaltjies oor vele jare heen is tydens die afskeidsfunksies met mekaar gedeel. "Olga was altyd daar vir my, vanaf die destydse Fees van die Ganse se Fynboskoue, tot by die jaarlikse verhoogversiering ter voorbereiding van die Kersmark," vertel Anita Botha. "Wanneer ek op Olga se knoppie gedruk het, was sy daar sonder om vrae te vra, net om te help en te werk!"

Olga is bevoorreg om vyf dogters te kan hê: Reinette, Ronél, Erica, Benita en Elsabé - dan is sy ook baie trots op haar 13 kleinkinders en 4 agterkleinkinders. Na haar uitdienstreding as onderwyser, kon Olga vanaf 2000 voluit op een van haar merkwaardige talente, skilderkuns, fokus. In 2008 stig sy haar bekende Kwaskenadesgroep, met baie kunsstudente wat deur haar opgelei is. Skilder was nie genoeg nie, aangesien sy reeds in 2004 met haar bekende kwilt-aktiwiteite begin het.

Op 'n keer het Olga 'n kunsuitstalling met die tema 'Ubuntu' gereël. "Die woord beteken meelewing, respek, deernis, onderlinge liefde en empatie," het sy gesê. "Ek glo dit is die mense van Gansbaai wat vir Gansbaai lekker maak en as ons almal 'Ubuntu' nastreef, sal dit 'n nog meer wonderlike plek wees om in te woon en te werk," het Olga haar gevoel oor Gansbaai en sy mense uitgespreek. 'n Vriendin het gesê dit is met nostalgie wat 'n pragtige mens soos Olga gegroet word - "sy laat beslis 'n groot leemte in ons midde agter!"

Hardus Botha



Voor is Anita Botha, Olga Kuschke en Trienke Laurie. Agter is Floors en Marié Avenant tydens 'n spesiale funksie vir Olga.



Olga Kuschke sit voor regs tydens haar skilderklass se afskeidsfunksie vir haar.



Ons huidige Darts (Veerpyltjies) spelers wat net vriendskaplike kompetisies op Gansbaai hou wil 'n nuwe Dart Club begin. Alle huidige spelers (mans en vrouens) wat belangstel om by die klub aan te sluit ons hou 'n vergadering op Maandag, 15 November 2021 te Mustang Sally, Dirkie Uysstraat, Gansbaai om 18h30 en 'n komitee sal gekies word.

Almal is welkom. Vir verdere navrae kontak
Corinne Swart Cell 072 443 6924

Veerpyltjies by Mustang Sally





Gansbaai 100 jaar

21 OKTOBER 2021

Gans-Berg Nuus
Plaaslike Koerant

Voorwoord

Wie onthou nog...? Gansbaai se 100-plus jare

Gansbaai vier vanjaar op 21 Oktober 2021 sy 100ste verjaarsdag. My bedoeling met die volgende 12 gedenk-bladsye is nie om Gansbaai se geskiedenis opnuut te boek te stel nie - dit is bloot 'n herinneringstog deur die afgelope 100 jaar, asook 'n kykie na die meer as 100 jaar voor 21 Oktober 1921. Daar is genoeg waardevolle en kosbare geskiedenisboeke en geskifte deur kundiges vir volledige inligting.

Gansbaai Toerisme het, op grond van geskiedkundige bewyse, die inisiatief aan die dag gelê om 'n 100-jarige fees oor 'n tydperk van 100 dae vir die dorp te reël. Gans-Berg Nuus se redaksie het besluit om by die feesviering in te skakel. Ons het probeer om op die 'gister' en die 'vandag' te fokus.

Baie dankie aan almal vir die beskikbaarstelling van veral ou foto's, waarvoor erkenning gegee sal word. 'n Spesiale dankie aan SD Fourie, Gansbaai se skrywer en historikus vir haar samewerking in hierdie verband.

Dit is vir Gans-Berg Nuus, ons dorp en omgewing se plaaslike gemeenskapskoerant, 'n groot voorreg om hierdie spesiale bylae aan ons getroue lesers te bied. Ek sou baie graag van veel meer inligting en foto's gebruik wou maak, maar dit is 'n onbegonne taak om dit alles ingepas te kry.

Ek gee graag erkenning aan my hoofbron vir hierdie bylae: Gansbaai se pragboek, 'Gansbaai - 'n Besondere streek en sy mense', geskryf en saamgestel deur SD en wyle Jan (Pyp) Fourie. Die gebruikmaking van aanhalings, geskiedkundige feite en foto's was van groot hulp gewees. Feite in die boek is op deeglike en intensiewe navorsing deur historici gebaseer. Dit is 'n jammerte dat hierdie kosbare boek tans nie beskikbaar is nie. Navrae het daarop gedui dat bepaalde verdragings vir die herdruk daarvan voorgekom het. Die vertroue is dat probleme in hierdie verband eersdaags opgelos sal wees sodat die boek weer beskikbaar kan wees.

Tweedens baie dankie aan Gansbaaiers wat van hulle historiese foto's aan my beskikbaar gestel het. Die redaksie van Gans-Berg Nuus vertrou dat ons lesers die volgende 12 bladsye interessant sal vind. Geniet en bewaar dit!

Hardus Botha

Gans-Berg Nuus/News



Gansbaai
The natural adventure destination



Seeff



BIEMAN MALAN
OPTOMETRIST



Amptelike stigting van Gansbaai as dorp

Waar en wanneer het Gansbaai ontstaan, is 'n vraag wat baie navorsing deur historici geverg het. Is dit die dag toe die plaas Strandfontein in 1831 (190 jaar gelede) aan die broers Roux toegeken is, terwyl hulle al vanaf 1797 (224 jaar gelede) weidingsregte op die plaas gehad het? Of is dit toe die eerste visser in 1881 (140 jaar gelede) sy huisie van klei en riet onder langs die see staangemaak het? Of is dit toe die eerste skool in 1906 (115 jaar gelede) sy deure geopen het, lank voor die eerste erwe uitgemeet is?



In die jarelange geskiedenis van Gansbaai en veral sy vissersgemeenskap vóór 21 Oktober 1921, is daar diep spore getrap. Dit is dan ook as gevolg daarvan dat die datum van dorpsstigting Gansbaaiers verwar. Hierdie bylae het ten doel om hoofsaaklik op die 100 jaar ná 21 Oktober 1921 te fokus.

Dit was eers met die aankoms van Jan Barnard (*Meester Barnard*) in 1920 in Gansbaai, wat daar ag geslaan is op eiendomsreg. Met sy aankoms was hier 38 blanke gesinne, 'n paar ongetroude vissermanne en 3 bruin gesinne wat almal van visvangste geleef het. Die bewoners se grootste




klagte was dat die huise wat hulle langs die see gebou het, op staatsgrond gebou is. Hulle het dus geen eiendomsreg daarop gehad nie. Meester Barnard is 'n man wat diep spore in die ontwikkeling van die dorp getrap het.

Eerste transportakte:
'n Afskrif van die eerste dorpsplan vir Gansbaai is in die Landmeter-generaal in Kaapstad se kantoor opgespoor. Dié dokument het aangetoon dat die eerste 200 erwe deur die landmeter, HL Hill afgemeet is. Die registrasie van erf nommer 10 was in die naam van Willem Andreas Groenewald, en lui soos volg (stet): “Erf of perseel no. 10; Dorp of Nedersetting - Gans Baai Folio 10; Grootte - 62 vk.rds. 72 vk. Vte. [62 vierkante roedes 72 vierkante voete]; Straat - Diagram no 525/1921; Inskrywing no. - 1; Nommer van akte - Caledon vol. 15.33; Datum - 21.10.1921; Transportgewer - Grant Government; Transportnemer - Willem Andreas Groenewald.”

Prof Matilda Burden, kultuurhistorikus aan die Universiteit van Stellenbosch, het bevestig dat die datum van registrasie van eerste transportakte van 'n dorp ook die datum is wat vir die ontstaan van 'n dorp gebruik word. Gansbaai se amptelike ontstaangeskiedenis begin dus op 21 Oktober 1921. Met hierdie geskiedenis-agtergrond in gedagte, kan ons dorp se 100ste verjaarsdag dus wel oor die volgende 100 dae gevier word.

Hardus Botha



Gansbaai

the natural adventure destination

21 October 2021
Launch with a walk from Gansbaai Tourism to the fountain in the harbour and then free coffee at Gansbaai Coffee Company

22 - 24 October 2021
Specials in the Restaurants celebrating 100 years

25 October 2021
Gansbaai on Canvas @ Blue Goose
Featuring local artists with Gansbaai as inspiration.
The exhibition will run to December 2021

26 October 2021
Gansbaai on Canvas @ Blue Goose
Featuring local artists with Gansbaai as inspiration.
The exhibition will run to December 2021

27 November 2021
Mr / Mrs Gansbaai #100
(TBC) Tour of the Graveyard with relevant information shared.

28 November 2021
Switching on Christmas lights - celebrating #Gansbaai100

11 December 2021
Hospice fundraiser

28 January 2022
Choir Festival. The Grande Finale of the celebration

Things in the direct Pipeline
Soccer tournament in Masakhane
Poetry in Masakhane

H.M.T. Birkenhead-tragedie:



Hierdie is bekende geskiedenis vir Gansbaaiers, aangesien die tragedie jaarliks herdenk word. Dit is nie nodig om op die volledige verhaal te fokus nie. Op 26 Februarie 1852 (169 jaar gelede) tref die H.M. (*His Majesty*) Troopship Birkenhead 'n rotsrif by Danger Point. Die omstrede ysterstoomskip met 'n skeprat het feitlik onmiddellik in twee geskeur. Van die 643 bemanningslede aan boord, sterf sowat 436 en slegs 207 kon gered word.

Die skip was op pad na die destydse Kaapse Oosgrens waar Sir Harry Smith in militêre optrede teen inboorlinge betrokke was. Daar was ook 7 vroue en 13 kinders aan boord. Die woorde van Kaptein Salmond se bevel tydens die tragedie is later in die geskiedenisboeke verewig: “*Women and children first*”!



Gansbaai Poskantoor - 1937 (84 jaar gelede)

In 'n koerantberig in die *Caledon Venster* van 28 Januarie 1937, word aangekondig dat 'n poskantoor 'laaste Saterdag' in Gansbaai geopen is en dat £200 se besigheid binne die eerste 8 dae gemaak is. Die destydse Departement van Poswese het aanvanklik verskeie versoeke vir 'n poskantoor geweier, aangesien dit glo nie 'lonend' sou wees nie.



Gansbaai Marine



Die voorsitter van die koöperasie het 'n afvaardiging aan die destydse minister van Ekonomiese Sake gelei om 'n vismeel lisensie aan Gansbaai toe te staan. Verlof daartoe is verleen, maar die vislisensie moes aanvanklik met *Marine Products* gedeel word.

Reeds vroeg in 1961 is vertoë tot die Departement van Handel en Nywerheid gerig vir die verbetering aan die bestaande hawe, aangesien dit te klein en vlak was vir die aantal bote. Daar was nie genoeg fondse nie en slegs 'n paar rotse voor die kaaimuur is verwyder en beton-ankerblokke met vasmeerkettings is in die hawe geplaas. Die koöperasie het op 9 bote besluit en dat hulle name gepas moes wees vir Gansbaai: Duinegans, Vleigans, Sneegans, Wildegans,

Rietgans, Stormgans, Seegans en Riviergans.

In 1962 is 'n nuwe maatskappy, Gansbaai Marine (Eiendoms) Beperk gestig en die eerste direksie is verkies. Tydens die eerste direksievergadering is FJ van Zyl eenparig as voorsitter verkies. Die bouwerk aan die fabriek het vroeg in 1962 begin en in Januarie 1963 (58 jaar gelede) is die fabriek in bedryf gestel. Die *SA Shipping News and Fishing Industry Review* het die fabriek soos volg beskryf: “Die aanleg word beskou as die modernste, mees kompakte en hoogs geoutomatiseerde vismeelaanleg van sy grootte in die wêreld.” Vandag tree André Coetzee op as Besturende Direkteur. Daarna volg Gansbaai se pelagiese vissersbote, met 'n nuwe geslag 'ganse'. Op 1 April 2003 word Gansbaai Pelagiese Vissers Bpk gestig, wat vandag as Gansbaai Pelagiese Vissers (Edms) Bpk bekendstaan, met Manie van Dyk as bestuurder.



Marietjies Pub & Grill Farmstall



Green Futures Nursery
GREEN FUTURES
Indigenous Nursery at Grootbos

Open to the public and keen gardeners
 9am - 4pm Monday - Friday
 Closed on Public Holidays

Call 028 384 8043
info@grootbosfoundation.org

Ons 'Dolos-verhaal' van 1966



Aubrey Krüger in 1966 met 'n skaalmodel en getekende planne van die dolos.

Gansbaai hawe was die tweede hawe ter wêreld wat van dolosse gebruik gemaak het om hawens teen die breekwaterstrook te beskerm. Die eerste hawe was dié van Oos-Londen. Maar meer nog, dit is 'n Suid-Afrikaner, Aubrey Krüger van ons omgewing wat die ontwerper daarvan was. Hy kon egter nie sy ontwerp patenteer nie en het ook nooit enige erkenning daarvoor ontvang nie.

Die destydse hawe-ingenieur van Oos-Londen, Eric Merrifield het aanvanklik erkenning ontvang vir die uitvinding van dolosse. Dit was een van Suid-Afrika se mees bekendste uitvindings wat nooit hier gepatenteer is nie. Aanvanklik het die dolos as die "Merrifield block" bekendgestaan. Krüger was destyds Merrifield se jong ontwerptekenaar wat in 1966 die opdrag ontvang het om 'n betonstruktuur te ontwerp om die Oos-Londense hawe van breekwater te beskerm.

Krüger het op sy Vespa-bromponie geklim en huis toe gery. Daar het hy sy vrou, Daphne, vir 'n besem gevra. Hy het die besemstok in drie dele gesaag en dit in die vorm van 'n "H" gesit, met een van die twee bene wat hy 90° gedraai het. Krüger het 'n prototipe van sy ontwerp gebou en dit op Merrifield se tafel gesit. Krüger se pa, ene Joseph, wat in die droogdok gewerk het, het die kantoor op daardie oomblik binnegekom. Hy het ewe droog gesê: "Ek sien julle speel met dolosse!" (dolosse was aanmekeargehegte dierebene waarmee kinders destyds gespeel het). Só is die naam 'dolos' gebore.

Merrifield het van Krüger se ontwerp gehou en hom opdrag gegee om daarmee voort te gaan. Daarna is die eerste volgrootte beton-dolosse van sowat 20 ton elk gegiet. Die drie-dimensionele vorm daarvan, asook die ruimte tussen die soliede stukke, versprei die energie van die branders, eerder as om dit te keer. Dit is op die rand van die breekwaterstrook van die Oos-Londense hawe geplaas. Dit was suksesvol en, volgens oortellings, was Gansbaai hawe tweede aan die beurt, waarna ander Suid-Afrikaanse hawens gevolg het.

Die 'dolos-nuus' het vinnig wêreldwyd onder kusontwikkelaars versprei. Ongelukkig vir Suid-Afrika, het nie Merrifield óf Krüger 'n patent vir hierdie uitvinding geregistreer nie. Dit was as die eiendom van die destydse *Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawedienste* beskou, wat die uitvinding ook nie gepatenteer het nie.

Merrifield is in 1972 na Japan waar hy vir Krüger se ontwerpte dolosse met die Jaarprys van *International Shell Design* vereer is. In 1975 ontvang Merrifield ook onregverdiglik 'n Goue Medalje van die NSTF vir 'sy' uitvinding.



Dolosse in Gansbaai hawe.

Aubrey Krüger het as 'n eenvoudige pensionaris naby Port Alfred afgetree, waarna hy later na Port Elizabeth verhuis het. Na die ontnugtering van Merrifield se leuens, is Krüger enkele weke voor sy dood op 81 jarige ouderdom deur die Suid-Afrikaanse Munt vereer. Twee spesiale silwermunstukke, 'n R2 en 'n 2½c, met Krüger se dolosse daarop, is ter ere van hom gedruk.

Gansbaai Polisieestasie

Gedurende die veertigerjare het Stanford se polisie ook klagtes in Gansbaai hanteer. "Ene sersant Beets het sy hande vol gehad met wilddiewe - die Gansbaaiers kon nie net visvang nie, maar goed skiet ook!" Na vele versoeke is 'n tydelike gebou in Desember 1948 vir Gansbaai se geregsdienaars opgerig en die amptelike opening was op 1 Januarie 1949 (72 jaar gelede). Willie Morries, 'n legendariese hengelaar, is as eerste bevelvoerder aangestel, met konst Coetzee as 'n tydelike assistent. 'n Ene konst Basson van Grabouw het nooit opgedaag nie en konst Jan Lourens (geliefde oom Jan Poliesman) het die pos tot en met sy aftrede gevul.



Gansbaai Polisieestasie.

Nog hoop vir dié wat oorgeslaan is

Alles moontlik is gedoen om soveel as moontlik geskiedenis-inligting oor die afgelope 100 jaar in hierdie 12 addisionele bladsye in te pas. Hoe nader ons aan die einde gekom het, hoe meer het ons besef dat selfs 12 bladsye hopeloos te min is om almal tevrede te kan stel. 'n Besluit moes geneem word en 'n streep moes ongelukkig getrek word. Gelukkig op so 'n wyse dat niemand afgeskeep hoef te voel nie. Die redaksie het besluit om deel te neem aan die volgende 100 dae se feesvieringe. Daar sal vir die volgende 100 dae met elke week se uitgawe van Gans-Berg Nuus

een of meer berigte oor instansies, organisasies en sport- en hengelklubs se ontstaansgeskiedenis geplaas word. Daarvoor vra ek die samewerking van belangstelendes. Kontak my gerus met voorafbereide inligting en ou fotos vir onderhoude. Elkeen sal die nodige aandag kry. **Kontakbesonderhede:** Selfoon 082 786 0494; Eposadres info2@gansberg.co.za.

Hardus Botha

GansBerg Nuus/News



PRIDE PROPERTY



Adele - 082 564 5348



Pieter - 079 855 6789



Lize - 079 342 8311



Callie - 071 198 9902



Renier - 071 998 2517

Office: 028 384 0182

www.prideproperty.co.za

Gansbaai Munisipaliteit

In 1932 (89 jaar gelede) kry Gansbaai sy eerste Dorpsbestuur, met 'n Dorpsbestuursraad onder Ordonnansie no 11 van 1921 (100 jaar gelede!), met JR Barnard as voorsitter, wat ook as sekretaris vir 'n jaar lank waargeneem het. Op 30 Maart 1933 word die regulasies van die eerste plaaslike raad in die *Official Gazette* gepubliseer.

Op 1 April 1962 word Gansbaai as 'n volwaardige munisipaliteit verklaar, met Raadsheer Willie Swart as die eerste burgemeester. In Junie 1994 ontvang hy ereburgerskap van Gansbaai, die eerste en enigste wat ooit aan 'n Gansbaaiër toegeken is.

Ons Areabestuurders (voorheen bekend as Stadsklerke) sedert 1962 was: JJ de Wet (1962-1968), AT Roux (1968), WJ du Toit (1968-1984), Johan Pieterse (1984-2000) en Francois (Kat) Myburgh (2000-tot en met die ter perse gaan van hierdie artikel).

Op 5 Desember 2000 word die destydse munisipaliteite van Gansbaai, Hermanus, Stanford en Kleinmond saamgevoeg om die Munisipaliteit van Overstrand te word. Gansbaai was toe deur slegs twee verkose wyksraadslede verteenwoordig, Raadslid Pieter Scholtz en Raadslid (dr) Annalie Rabie-Rheeder.



Raadsheer Willie Swart as die eerste burgemeester.



Johan Pieterse as die eerste Areabestuurder (Stadsklerk) - tans eienaar van Studio Jo-Signs.



Langasem Francois (Kat) Myburgh wat sedert 2000 Areabestuurder is en steeds dienend is.



Gansbaai Munisipaliteit.



Munisipaliteit Gansbaai Raadslede - 1986.



Die bekende 'kassie' in Gansbaai Munisipaliteit se teekamer: Gansbaai Munisipale Raad - 1962.



Johan en Dalene van Dyk se oorspronklike huis op die kopie bokant Gansbaai hawe. Dit is deur sy pa, Oom Jollie (Jurie) van Dyk in 1929/31 gebou.

Johan en Dalene van Dyk se huis op die kopie bokant Gansbaai hawe, 2021.



Rugbyveld dertiger- tot veertigerjare.

F.E.D.
ELEKTRIESE DIENSTE

Emile & Henry tot jul diens!!
A3 - 082 322 1600
Elmine - 082 929 2269
fedadrif@gmail.com

There is only
one name to remember

NASHCA
FUNERALS

Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones

64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus
028 316 1659
23 Main Road, Kleinmond
028 271 4971
Barnhouse, 33 Main Road, Gansbaai
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford
028 34 101 34
082 322 0874

Call or Whatsapp your order.
071 384 7838

Heerlike ontspanning in Hawe Gansbaai Harbour

GANSBAAI VISMARK
FRESH FISH, SEAFOOD, BAIT & TAKE-AWAYS

Fresh Fish Specials,
Take Aways, Hake &
Chips / Calamari & Chips /
Linefish & Chips

Perlemoenbedryf



Johnny Germishuys (duiker) en John Meade (rug na kamera) tydens perlemoenduik. (Foto: Anna Germishuys).

In die laat veertigerjare van die vorige eeu word 'n perlemoen-inmaakfabriek op Gansbaai deur Ocean Products geopen. Daar was toe reeds 'n haailewerfabriek bokant die hawe. Dit is onbekend wanneer die fabriek gesluit het, maar teen 1953 het die fabriek nie meer bestaan nie.

In Gansbaai se omgewing is 'n hele paar perlemoenplase. Die eerste een was Irvin & Johnson wat die restant van erf 711, Klipfontein (400,8 morg), in 1960 vir £10 000 gekoop het. In

1989 het die direksie opdrag gegee dat die vatbaarheid van 'n salmboerdery ondersoek moet word. Na vele gebeure is aanbeveel

dat 'n perlemoen-kweekplaas 'n beter opsie sou wees om te ondersoek. In 1991 het Nick Loubser, 'n student in Marine Biologie aan die Universiteit van Kaapstad, met navorsing by die Seepuntse Akwarium voortgegaan. In 1993 kon hy en andere die navorsing by Danger Point voortsit. In 1994 is besluit dat dit wel winsgewend sal wees en in 1995 was die eerste sementtenke vir die diere gereed. In 1998 (23 jaar gelede) word die eerste perlemoendiery by Danger Point gekweek, wat na die Ooste uitgevoer is.



'n Moderne Perlemoenplaas, Marine Growers langs die hawe.



'n Klein perlemoentjie.

NG Kerk -Nederduitse Gereformeerde Gemeente van Gansbaai-



Kerkgebou van die NG-gemeente Gansbaai.

1922 ingewy. Op 22 November 1944 om 16:00 is die nuwe gemeente van Gansbaai deur die Ringskommissie van Caledon in die ou kerkzaal (by die skool) gestig, met 690 lidmate. In Desember 1944 beroep die Gansbaai-kerkraad die eerste predikant - ds PAM Brink. Die kerkgebou, soos dit vandag daar staan, is op 5 Desember 1953 amptelik ingewy. In 2003 is die vyftigste bestaansjaar van die kerk gevier. Dit was 'n groot voorreg toe ds JLP Zietsman, wat van 1950-1959 leraar in die



Die sierlike pype van die kerkorrel.

gemeente was en aanvoerder tot die bou van die kerk was, by die spesiale Nagmaalsdiens teenwoordig kon wees.

Die bekende Pretoriussaal is in 1965 voltooi. Ds DWA Pretorius en gemeentelede het die bou van die saal eiehandig aangepak. Daarna volg die saalkombuis in 2010, die Kleinsaal in 2008 en die Sisaal in 2016. Die imposante orrel met 'n pragtige vertoning van sierlike pype, is die verwerking van die ou orrel teen 'n koste van £2 100. Dus het die kerkgebou, insluitend die orrel en die grond, 'n volle £21 681 gekos.

Aanvanklik het eerwaarde PJ van der Walt, 'n hulpprediker van Napier, met sy werk in die Strandveld begin. Met verloop van tyd is die Gansbaai-gemeente uit Stanford gebore. Met die afwesigheid van 'n predikant in Gansbaai, het mnr JR Barnard, skoolhoof (1920-1944), die belange van die gemeenskap op sy hart gedra en ook die eredienste waargeneem. Dienste is langs die see gehou en die 'preekstoel' was 'n uitgespoelde skuit.

Die eerste kerkzaaltjie op Gansbaai, nou deel van Laerskool Gansbaai, se hoeksteen is op 15 November 1921 gelê. Die saal is op 30 Maart



Sondagskool- en katekisasieklasse met die nuwe kerk in die agtergrond - Desember 1953. (Foto: Hermine Fourie)

DIENTE DISCOVERY HEALTH Bloeddruk, Glukose, Cholesterol, Yster, Urien	PERSENTE Parfuum en Grimering	KLINIEK Baba immunisering (staats en privaat) Oesinsbeplanning Inskiet van oorbelle (ear piercing)	<div> SPECIALISTS IN: WATERPROOFING CONCRETE DECKS ROOFS & FLASHINGS CEMENT DAMS & FARM DAMS RISING DAMP & PENETRATING DAMP INTERIOR & EXTERIOR PAINTING ROOF, GUTTER & DOWN-PIPE PAINTING & REPAIRS WOOD SPROCKET REPAIRS ALL RELATED SERVICES TORCH ON </div> <div> TOP SEAL WESTERN CAPE </div> <div> 060 952 9133 admin@topsealwesterncape.co.za www.topsealwesterncape.co.za </div>
<div> ARRIE NEL PHARMACY GROUP GANSBAAI APTEEK 29 Main Rd, Gansbaai, Wes Kaap (Fax) 028 384 0455 gansbaai@arrieneel.co.za </div>			
<div> ARRIE NEL PHARMACY GROUP GANSBAAI APTEEK 29 Main Rd, Gansbaai, Wes Kaap (Fax) 028 384 0455 gansbaai@arrieneel.co.za </div>			

Gansbaai Toerisme -van toeka tot nou-

Gansbaai Toerisme.



Embleem tans in gebruik.

Ons plaaslike toerismekantoor word sedert 4 Oktober 2007 vanuit die bestaande geboue-kompleks in die Great White Junction inkoopiesentrum bedryf.

Sowat 15 jaar gelede was ons plaaslike toerismekantoor op die hoek van Hoof- en Bergstrate gehuisves, waar die kantore van Guthrie en Theron Eiendomme vandag oorkant die gronde van Laerskool Gansbaai gesetel is. Met die ontwikkeling van die destydse Gansbaai Gateway (vandag bekend as die Great White Junction/Superspar winkelkompleks) gedurende 2004, het daar 'n geleentheid ontstaan om 'n volwaardige toerismekantoor vir Gansbaai te ontwikkel. Die Areabestuurder was versoek om 'n besigheidsplan vir die beoogde ontwikkeling op te stel vir voorlegging en oorweging deur die Stadsraad (Munisipaliteit Overstrand).

Hierdie besigheidsplan is vroeg in 2005 goedgekeur en 'n vennootskap tussen die Munisipaliteit Overstrand, die ontwikkelaars van die winkelkompleks en die Departement van Toerisme (Wes-Kaap) het ontstaan. In ruil vir die grond

waarop daar voorheen informele/smous-handel voorgekom het, waar KFC vandag is, het die ontwikkelaars 'n stuk grond van ongeveer 500 m² van die winkelsentrum afgestaan vir die bou van die toerismekantoor. Alternatiewe grond is vir informele handel beskikbaar gestel, wat vandag as die *Farmers Market* bekendstaan.

Die gebou wat destyds opgerig is, sou volgens die besigheidsplan die volgende hoofdoelwitte najaag: om 'n administratiewe tuiste vir die toerisme operateurs/besigheid-sektor te skep;

om 'n volwaardige konferensiesaal/stadsaal vir die dorp te skep; om 'n vertoonlokaal daar te stel waar die besondere toeriste attraksies van die omgewing aan besoekers uitgestal kan word.

Vandag is dit lekker om te ervaar dat hierdie doelstellings inderdaad bereik is en dat die dorp beskik oor 'n fasiliteit wat nie sy gelyke in die Overstrand/Overberg area het nie. Met die amptelike ingebruikneming van die geriewe in 2007, het die destydse Burgemeester van die Munisipaliteit Overstrand, Rdl Theo Beyleveldt, opgemerk dat selfs nie eers die Nelson Mandela Metropool oor so 'n luukse en groot fasiliteit beskik nie.

Die gebou is destyds teen ongeveer R2m voltooi en die waarde van die bate word tans tussen R6m en R10m geskat. Die geriewe word baie goed benut deur die plaaslike gemeenskap en daar kan met reg geredeneer word dat die destydse ontwikkeling betyds gekom het om die bloeitydperk van toerisme in Gansbaai na behore te kon bestuur.

Vandag kan inwoners trots wees op die *Gansbaai Tourism Information and Conference Centre* (GTICC), met die bestuurder as Glenda Kitley. In 2015 het 'n besonderse eer Gansbaai Toerisme te beurt geval met die volgende trotse toekenning: *World Responsible Tourism Award 2015 (Gold)*.

Coastal Coffee & Crafts

Uilenkraalsmond Resort

Tel & Whatsapp - 081 390 3455

Open daily from 9am to 6pm. Except Mondays

Come and sample our weekly specials!

- Full Breakfast Meal served all day **R55**
- Filter coffee & Scone with cream, butter, cheese, jam **R50**
- Huge slice of carrot or chocolate cake with coffee **R70**

A variety of coffee, tea, milkshakes, smoothies, juice & soft drinks

Meals served daily and all hours.

Roti & curry, Breyani, Steak pie meals & Burger meals



Gansbaai Biblioteek -Tuiste vir oud en jonk-

Nadat Gansbaai op 1 April 1962 munisipale status verkry het, word die eerste biblioteek se deure in die vorige gebou op 3 September 1969 (52 jaar gelede) geopen. Die biblioteek is amptelik deur die destydse Direkteur van Biblioteekdienste, CR Morris geopen. Die biblioteek was in 'n ou woonhuis, een van die oudste geboue in Gansbaai wat nog met kalksteen gebou is, gehuisves. Die ledetal was 163 volwassenes en 112 kinders en die eerste maand se sirkulasie van boeke was 2 131. Die biblioteekkompleks, waar dit vandag is, is aan die begin van Augustus 1998 voltooi. Op 11 Augustus is die deure vir die publiek geopen. Die amptelike opening is op 9 September 1998 deur die Minister van Gesondheid in die Wes-kaap, Peter Marais waargeneem.

Die biblioteek se voormalige bibliotekaris is: R Grobbelaar (1969); Bettie Groenewald (1970-1981); Zelda Fourie (1981-1984); Jackie McPhearson (1985); Sharman Geldenhuys (1986-2020); Edna van der Linde (2020 en steeds).



Huidige personeel: Voor - Edna van der Linde (Bibliotekaris). Agter - Busisiwe Mtatase, Bulelwa Zakha en Brucine Dreyer.

J & A Sementwerke

Gansbaai

Sement, Blokke en Stene
Retaining Blokke
Plaveiselblokke



Lanita Marais :083 651 1965
Eldo Marais :082 651 9373
Kantoor :028 384 0494

Overstrand Burgemeester trots op Gansbaai -Raadsheer Dudley Coetzee-

Die historiese herdenking van 'n eeu oue bestaan van enige gebeurtenis, mens, gebou of iets dergeliks is voorwaar 'n mylpaal wat nie ongesiens verby mag gaan nie. Al mag dit soms verwarrend wees of die datum, tyd en plek daarvan deur almal korrek onthou en aangebied kan word, moet die gevolgtrekking wat gemaak word, altyd verdedig kan word.

Gebeurtenisse soos die herdenking van die Birkenhead tragedie (byna 160 jaar gelede), die vuurtoringfees van meer as 120 jaar gelede, die opening van die eerste skool



Raadsheer
Dudley Coetzee

115 jaar gelede, en dies meer, getuig dat daar reeds vir langer as 'n eeu lewe in Gansbaai moes wees. Volgens navorsing wat gedoen is, is die eerste dorpsfees (Erf 10) eers op 21 Oktober 1921 in die Aktekantoor geregistreer - vandaar die eeufeesvieringe wat vandeeweeke in Gansbaai gevier word.

Namens al my voorgangers in die verskeidenheid van vorme van plaaslike regering wat oor die afgelope 100 jaar deel was van die ontwikkeling van Gansbaai, wens ek vandag 'n besondere woord van gelukwensing te bring aan almal wat 'n aandeel gehad

het in die ontwikkeling van Gansbaai om dit vandag te erken as 'n belangrike en vooruitstrewende gemeenskap. Nie net van die Overstrand of Wes-Kaap nie, maar ook van die Republiek van Suid-Afrika.

Met die potensiaal waaroor die dorp en streek beskik, is dit onafwendbaar dat Gansbaai in die toekoms ongekende groei en vooruitgang sal beleef. Mag ons almal slegs ons beste gee om elke dag ware ambassadeurs van Gansbaai te wees.

My beste wense vergesel Gansbaai op die pad vir die volgende 100 jaar.

Raadsheer Dudley Coetzee
Uitvoerende Burgemeester
Munisipaliteit Overstrand

Inwyding van Danger Point-vuurtoring,
1 Januarie 1895.



Vandag se Danger Point-vuurtoring, 2021.



Gansbaai hawe baie jare gelede.



LANDING CAPE SALMON AT GANSBAAI HARBOUR
2 MILES FROM HOTEL

GREAT WHITE HOUSE
RESTAURANT, SHOP AND ACCOMMODATION

*Sustainably sourced
Seafood*

www.thegreatwhitehouse.co.za

AFRICAN PENGUIN & SEABIRD SANCTUARY

FREE ENTRANCE
COFFEE & CURIO SHOP
FEEDING TIME 15H00

www.dict.org.za

Marine Dynamics
SHARK & WHALE TOURS | ACADEMY

15 Years of Marine Conservation and Research
16 Years of Shark Cage Diving operations
21 Years of Boat Based Whale Watching operations

www.marinedynamics.co.za

Gansbaai se media-geskiedenis



In Kerkstraat, bokant Gansbaai Hawe se ingang, was Francois de Jongh se aanvanklike kantoor van Gansbaai Courant.

Die begin van Gansbaai se media-geskiedenis kan sonder twyfel aan Francois en Deonora de Jongh toegeskryf word. Die egpaar het kort ná hul aftrede in Desember 1996 na De Kelders verhuis. Hier het hy die *Gansbaai Courant* as eienaar, uitgewer en redakteur gevestig en bedryf, met Deonara as Bemerkingsbestuurder.

Gansbaai Courant het van krag tot krag as 'n plaaslike gemeenskapskoerant gegroei. Die *Courant* is op nasionale vlak met verskeie gemeenskapskoerant-toekennings bekroon. In 2008 is Francois met die Sanlamgemeenskapsperstoekening vereër en is as die wenner in die afdeling, *Kontreinuus* bekroon.

In 2016, ná sowat 20 jaar, het Francois die *Gansbaai Courant* weens gesondheidsprobleme verkoop aan 'n nuwe eienaar, Marinda van der Walt. Die egpaar het kort daarna na Sedgfield

verhuis om naby hulle kinders te wees. *Gansbaai Courant* het na vier jaar sy deure op 31 Mei 2020 permanent as 'n weeklikse gemeenskapskoerant gesluit.

Die Gans-Berg Nuus

Op 3 Julie 2020, slegs 'n maand later, het Michelle van Zyl haar jarelange droom verwesenlik met haar eie weeklikse, plaaslike gemeenskapskoerant, die *Gans-Berg Nuus*. Sy en haar personeel het haar gemeenskapskoerant aanvanklik vanuit 'n kantoor oorkant Gansbaai SAPD bedryf.

Die gemeenskapskoerant het binne die bestek van een jaar van

krag tot krag gegroei. Op 30 Junie 2021 het *Gans-Berg Nuus* na groter kantoorkuimte in die Protea Sentrum oorkant Gansbaai Poskantoor verhuis. Reeds van die eerste uitgawe af is die weeklikse eksemplare nie net in Gansbaai en omgewing versprei nie, maar ook in Hermanus, Caledon, Napier en Bredasdorp.

As deel van Gansbaai se 100ste verjaarsdag, asook die Gans-Berg Nuus se 1ste verjaarsdag, is 'n spesiale en tweetalige resepteboek, *Recipe & History Book*, gedruk en uitgegee. Daarom is hierdie bylae van 12 bladsye oor Gansbaai se 100ste verjaarsdag, 'n besonderse eer vir Gans-Berg Nuus om op hierdie wyse deel van die feesvieringe te kan wees.



Francois de Jongh.



Michelle van Zyl, eienaar van Gans-Berg Nuus, saam met 'n personeellid, Melissa van der Merwe tydens die bekendstelling van die koerant se resepteboek.

Dyer Eiland Visserye (Pty) Ltd,

Harbour Area, Gansbaai, | Tel: 028 –384 0725

Dear Reader,

We, as a company based in lovely town of Gansbaai are in the fortunate position to be involved in the fishing industry. The company provides numerous job opportunities to the local community.

My late father, Mr. Bertie Ramsauer was the founding member of Dyer Eiland Visserye (Pty) Ltd, previously registered and known as Dyer Eiland Fisheries CC. My father was very well known to the community in Gansbaai, and in total he had an approximate 55-year involvement in the fishing industry. Initially it all started off as a hobby, owning a ski boat and then during 1994, my father decided to broaden his interest in the fishing industry and purchased his first purse seiner, the Grasveld.

During 1995, the fish processing factory was built at the old harbour in Gansbaai and the vessels Baby Ronald and Blougans was purchased. Thereafter, the building of the line fish vessel Charlene was commissioned. Today, our company is the proud owner of seven fishing vessels.



The fishing vessels and factory processes the fish that was landed, and is then sold to local businesses in the Overberg area and in addition to that we also distribute throughout South Africa, export to European and Far-East countries. We have our own ice processing facility to maintain the freshness of our fish product.

And then a very special thank you to our mother, Mrs Lorraine Ramsauer. Our mother supported our father in all his business ventures, without ever faltering in her step. Without her input, support and dedication to our father, all would not have been possible.

Last but not least.....

A great big thank you to our local community, all our staff and crew for making it possible to continue with my fathers' dream and achievements. It is our ongoing goal to expand and grow within our business to benefit the community and staff.

Most important, please take care of yourself, your loved ones, stay safe.

Lorraine Ramsauer-Rösemann



Strandveld museum, kosbare kleinood vir Gansbaai

Die museum se deure is gedurende Mei 2000 geopen. Die amptelike opening was op 16 Desember 2000, 'n volle 20 jaar gelede. Jan (Pyp) Fourie was die 'selfaangestelde' kurator, 'n pos wat hy vir bykans twee dekades met oorgawe sou vul - sonder 'n salaris, maar met 'n intense passie vir dit wat hy gedoen het. Die museum was 'n jarelange droom van Jan wat op 17 Mei 2019 oorlede is.



Alle besoekers het geweet om tussen sy versamelings uit die verlede te werk en na sy storievertellery te luister, was om aan sy lippe te hang. Die wat nie wou luister nie, het hy met sy onderwysstelsel aangepraat: “Gee aandag! Ek vertel die storie net een maal!” Nog voor die amptelike opening, is die eerste

Engelse besoekers op 4 Augustus 2000 ontvang. Daar moes geskarrel word om alles betyds vir die Engelse toergroep in orde te kry.

Om na al die kosbare en geskiedkundige oudhede en versamelstukke in die museum te verwys, sal 'n boek geskryf moet word. Die hoogtepunt van al die versamelings onder besoekers is sekerlik die Birkenhead-versameling. Dit word beskou as die grootste versameling in privaat besit, 'n ware lus vir die



geskiedkundige-oog om te bewonder. Maar ook om terug te dink aan die tragiese sinking van die *HM Troopship Birkenhead* op 26 Februarie 1852 waar 436 van die 643 siele aan boord verdrink het. (Sien berig elders in hierdie bylae).

Die museum word deur 'n Museum Trust bestuur. Die drie verpligte lede is SD Fourie, Wehan Fourie en Tiaan Kemp. Volgens die bepalings van die Trust moet daar altyd twee Fouries uit die familie op die Trust dien. Baie skenkings is vanuit plaaslike geleedere ontvang. Dit bly 'n belewenis om 'n besoek by die Strandveld museum af te lê - met die uitstap het die herinneringe van ons Strandveld se geskiedenis 'n blywende indruk op die besoeker gemaak.



Die bekende De kelders Hotel met onbekende hond.



De Kelders Hotel in die jare wat dit deur die legendariese Fanus Rautenbach besoek is.

JAMES ROUX PROPERTIES

028 384 1197
028 384 0249
074 0596 243

www.gansbaaiproperty.co.za

Introduction
In business since 1981.

We guarantee our personal assistance in all property transactions in which we are involved and will ensure your total satisfaction, if you buy or sell your property through us.

We are not part of a big franchise and this allows us far greater freedom & flexibility to “tailor make” property deals to suit the specific needs and demands of all our customers.

Location
We have been operating in Gansbaai and surrounding districts since 2004 and know the local market inside out.

We conduct our business in accordance with the code of conduct applicable to estate agents and strictly comply with relevant legislation which has a bearing on our business. Our agents are committed to give you the correct information and facts that you should be aware of, before making your final decision. We care for you, all the way and always.

In Loving Memory of James and Margie Roux

History
James Roux Properties was established in 1981 in Table View, Cape Town when the founder/owner, James Roux,

launched a new property development scheme in the area. Since then, the agency grew from strength to strength, over the years.

During 2004 the business relocated to Gansbaai and since it has been operating successfully in the local market.

As a result of the above, we are also well positioned to adapt to the constantly changing property market conditions.

Sadly, James passed away during 2017 and 8 months later his wife, Margie, followed him. Their son, Leon, who managed the agency since 2010, continued with the family business after the loss of the 2 founders and has since registered the agency as a private company in 2019.

Vision and Mission
It is our vision and our mission to honor the proud legacy of the 2 founder members and to continue doing business in an open and honest way – just the way that they taught us.

Laerskool Gansbaai



Gansbaai word beskryf as een van die min dorpe waar die skool ouer is as die dorp - 'n hele 115 jaar! Aanvanklik (1881) het die vissers se kinders geen amptelike onderrig ontvang nie, behalwe vermoedelik leeslesse by ouers uit die Bybel. Omstreeks 1903 het 'n onderwyser, Gerhard van Niekerk Schönken sy opwagting in Gansbaai gemaak. Teen 'n skrale vergoedingtjie (3 sjelings per maand) het hy kinders van alle ouderdomsgroepe in Danie Groenewald se huisie

begin touwys maak.

Mnr GP Theron, destydse inspekteur van skole, het in April 1903 as volg gerapporteer: "Ek het huisbesoek gedoen en bevind dat die ouers almal baie gretig was om 'n skool daar te hê. Daar is 35 kinders van skoolgaande ouderdom. My indrukke van hierdie mense was dat dit die moeite sal loon om voort te gaan met skoolopleiding."

Die datum van oprigting van die skool is ongelukkig nêrens aangeteken nie. Uit dokumentasie blyk dit dat die eerste vakature vir 'n amptelike onderwyser in Oktober 1906 gevul is.

Die eerste skoolfoto is omstreeks 1906-1908 geneem waar mnr Schönken 'n assistent, Dina Groenewald, gehad het om hom by te staan. Die skoollied is in Junie 1945 geskryf. Die skoolsaal was destyds die kerkgebou van die NG-gemeente, wat in die sestigerjare aan die skool verkoop is.

Mnr PL Zietsman, skoolhoof van die destydse Middelbare Skool Gansbaai, het die volgende wyse definisie van 'n skool gegee: "'n Skool lê binne 'n gemeenskap. Daardie gemeenskap se wel en wee, sy rykdom en armoede, werk diep in 'n skool in. So ook het 'n skool 'n funksie binne 'n



gemeenskap - hy dra of moet 'n boodskap dra. So het 'n verbygaande geslag van onderwysers sy invloed en wetes, sy offers en diens diep in ons volkslewe ingedra."

Laerskool Gansbaai se skoolhoofde van toeka tot nou is: mnre G Schönken (1906-1909); Kritzingen (1910-1914); PJ de Bruyn (1915-1919); JR Barnard (1920-1944); PL Zietsman (1945-1966); CJ de Jager (1967); R Cowley (1968); E Reynierse (1969-1971); PL Zietsman (1972); N Viljoen (1973); JP Smit (1974-1992); MC Harmse (1993-1996); B van der Merwe (vanaf 1997 tot tans).



Laerskool Gansbaai

Posbus 27 - Gansbaai - 7220

Tel: 028 384 0000 / 028 384 1188 - Faks: 086 578 3021

* Epos: admin@laerskoolgansbaai.co.za * Facebook: <https://www.facebook.com/laerskoolgansbaai>

* Xplorio: <https://xplorio.com/gansbaai/laerskool-gansbaai>

Missie

Ontwikkel jou potensiaal akademies, kultureel en fisies met behulp van professionele onderrig en moderne tegnologie.

Visie

Positiewe Leer en Gebalanseerde Ontwikkeling



ANSWERS

ROMMMIEREP8ARGNEORGGLZGSONSKERMJFNUDI2AVSVCFIEKNIEKIRUFNBKCRKCYMWESZFTQASYZJKTJ2CIFAAETTVRLAKUWJYKFEVHVFIKKASXMIEDFSLXWSMROYLPEKZ8NEWQYERQLMSAQWVMVASSITURGOCXCYYKK8WVWVWUTUEANI EUKURDOOMYSWOSLETNEHEQFTLIR8NO88YIZ8QHXXNHJE EYYYPQEWFDQELAVTV EURT KBWVWLLBHDOMOJYMSRI ZKHO LPLRAQUJMODEEDOWNMKUOKCFOPBMQVIWLPLOCYNFUECGNFEEDKCBKYMASHSWMLKAZAIYRHGMURVMXOUCUUAJVSSELFBEIAIAR8ESLQGGKI TAGWOWTYWYWLPLT PLQGLISQSSJJHHBPVNV


6	2	3	5	1	9	8	7	4
4	7	5	8	2	6	1	3	9
1	8	9	3	4	7	2	6	5
2	4	8	7	3	1	5	9	6
3	5	6	4	9	8	7	2	1
7	9	1	2	6	5	3	4	8
5	6	2	9	8	3	4	1	7
8	1	4	6	7	2	9	5	3
9	3	7	1	5	4	6	8	2

8					7		
4	6	3			8		
	7	4					3
							7
		9		3	6	1	
5		3			9		4
	9		5				2
	2				6		1
8							9

STMFPAEMYARTDOOFZUGL
TEYEGLASSESWAXIOSRLN
NWCRCBNKQSRTEYTQKHERP
ETHEALTHHOOMXZOCBTEJ
VGUJLGGZVCWHICOALTSW
EGUGBEDPANSTBCLAPCEX
YIEFDTJMOHNDHAJITAVR
ASLRDOTKGDIECSYTJRAS
DTWVIACWOGLBYSWNWDE
IUHVSADTJEULDINELGOV
LWWZSTTMOLSJFSJMPARI
OQYMNDFRIRNDFTDLMJT
HCWVGQKAI SIKOLVDJEGA
RHQXUGCKRCSBKMRQSHX
YAKGESDAZCTIRQQGPHXA
XRJAIYIOTWBVOCAXEQPL
ITLANWODKCOLINDINNER
GIDFFSWGEYTLIBASIDP
VNENTERTAINMENTUUNOH
EGIJQVDIABETESNHRIYZ

- Admission
Assist
Bedpan
Bedtime
Books
Call Bell
Card Games
Charting
Crafts
Dementia
Diabetes
Dinner
Disability
Doctor
Elevator
Entertainment
Eyeglasses
Food Tray
Geriatric
Health
Holiday Events
Insulin Shot
Laxatives
Lockdown

Brain Teasers / Kopkrappers



Weather Forecast / Weer Voorspelling

Friday 22/10/2021	Saturday 23/10/2021	Sunday 24/10/2021	Monday 25/10/2021	Tuesday 26/10/2021	Wednesday 27/10/2021
20°	17°	18°	20°	20°	23°
Strong breeze, 11m/s from north - west 0.2 mm precipitation.	Fresh Breeze 8 m/s from south-west. 0.6 mm precipitation.	Gentle Breeze 4 m/s from South 0 mm precipitation.	Fresh Breeze. 9m/s from south-east. 0 mm precipitation.	Fresh Breeze, 9 m/s from south-east. 0 mm precipitation.	Fresh Breeze 9 m/s from east 0 mm precipitation.

Getytafels / Tide Tables

Dag / Day	Hoogwater VM	Hoogwater NM	Laagwater VM	Laagwater NM
22 Oct	1208	-	0555	1833
23 Oct	0038	1258	0650	1919
24 Oct	0123	1337	0731	1955
25 Oct	0159	1411	0804	2026
26 Oct	0231	1442	0833	2055
27 Oct	0301	1510	0900	2122
28 Oct	0330	1538	0927	2148
29 Oct	0950	2235	0304	1632
30 Oct	1118	2347	0450	1745
31 Oct	1210	-	0553	1832
01 Nov	0036	1250	0638	1911
02 Nov	0117	1328	0717	1948
03 Nov	0156	1405	0755	2026
04 Nov	0235	1444	0833	2104



028 205 0100 (Office)



Michelle van Zyl
Owner / Advertising
ads@gansberg.co.za



Hardus Botha
Freelance Journalist
info2@gansberg.co.za



Melissa vd Merwe
Graphic Designer / Editorial Content
design@gansberg.co.za / info@gansberg.co.za



John Mc Gregor
History Page
jmcgregor266@gmail.com



Marlisha van Boom Pretorius
Advertising Consultant
ads2@gansberg.co.za



Michelle Vollenhoven
Advertising Consultant
ads3@gansberg.co.za

Gansbaai SAPS launches the Community in Blue Concept

The aim of the "Community in Blue Concept Strategy" is to enhance community-police partnerships in the fight against crime through multidisciplinary collaboration.

A directive was received and Lt Col Winston Coetzee held a meeting on Wednesday 29 September at 18h00 at the SAPS conference room. Approximately 26 community members attended the meeting and Lt Col Winston Coetzee went through the presentation with the members. The code of conduct and registration form was discussed and the duties and responsibilities of the Community in Blue Patrollers were explained.



Gansbaai CPF Chairperson thanked everyone for attending and stated that she was pleased to see that the youth were becoming involved. She stressed the importance of the youth of Gansbaai becoming involved - too many youngsters are 'drifting' and with this initiative more youth may become involved. In addition, participating in this training and patrolling could lead to further job opportunities.

After the presentation, Sgt Visser and Const Naidoo assisted with the completion of registration and code of conduct forms.

Once training takes place, the Community in Blue Patrollers will become operational.

Julia Barlow
Gansbaai CPF Chairperson

Municipal Accounts Payable

The Municipality issued a media release on 4 October 2021 to confirm the problems that several ratepayers experienced with the September 2021 accounts, specifically with regard to meter readings and the resultant consumption charged on some of these consumer accounts. The Finance Department is handling all the queries received regarding the unusually high municipal accounts.

Queries received that needed adjustments were attended to promptly.

It should be borne in mind that the consumption indicated on most of the accounts, were in fact correct.

Only certain amounts on these accounts, and in specific affected municipal areas, were high because meters had not been read the previous month. It then followed that units consumed during August 2021 were only charged on the September account, thus resulting in high(er) September accounts.

As can be seen in the example below, (a comparison of the consumption over the same period in 2020) in these instances the consumption was correct and hence amounts due are payable. Where it was indeed necessary, corrections were made related to the

application of the sliding scale to charge the costs for consumption. Council is however aware that, as most of our ratepayers are working on a tight budget, it may be difficult to provide full payment of the September account and for this reason council will consider a recommendation at the council meeting to be held on 28 October 2021, to raise no interest on these amounts directly related to the

Affected ratepayers are again advised to contact the Municipality immediately to resolve any outstanding issues. Please contact the Finance Department on 028 313 8000 or enquiries@overstrand.gov.za. Our sincere apologies are once again offered for the inconvenience caused. Please be assured that we are rectifying this issue expeditiously. Council is also aware of rumours being

Comparison of consumption for July, Aug, Sept 2021, with the previous year for July, Aug, Sept 2020:

Example of monthly residential electricity consumption for since June 2020, until September 2021:

Billed	Read Date	Prev Reading	New Reading	Consumption	
2020-06	09/06/2020	243783.00000	246950.00000	3167.00000	per month
2020-07	09/07/2020	246950.00000	248868.00000	1918.00000	per month
2020-08	11/08/2020	248868.00000	250831.00000	1963.00000	per month
2020-09	09/09/2020	250831.00000	252420.00000	1589.00000	per month
2020-10	08/10/2020	252420.00000	254223.00000	1803.00000	per month
2020-11	10/11/2020	254223.00000	255889.00000	1666.00000	per month
2020-12	09/12/2020	255889.00000	257130.00000	1241.00000	per month
2021-01	06/01/2021	257130.00000	258696.00000	1566.00000	per month
2021-02	04/02/2021	258696.00000	259991.00000	1305.00000	per month
2021-03	08/03/2021	259991.00000	261310.00000	1319.00000	per month
2021-04	09/04/2021	261310.00000	262860.00000	1550.00000	per month
2021-05	10/05/2021	262860.00000	264229.00000	1369.00000	per month
2021-06	04/06/2021	264229.00000	266022.00000	1793.00000	per month
2021-07	03/07/2021	266022.00000	267296.00000	1274.00000	July 21 estimate
2021-09	07/09/2021	267296.00000	272023.00000	4727.00000	Sept 21 reading

A: 3167+1918+1963 = 7048 equals 3 month consumption. 7048/3 = 2349 units per month average (Jul, Aug, Sept 2020)
B: 1274+4727 = 6001 equals 3 month consumption. 6001/3 = 2000 units per month average (Jul, Aug, Sept 2021)

fluctuation in consumption charges, caused by the delayed actual readings in August and September 2021, for a period of six months. Clients are thus urged to make arrangements to pay off their accounts over the six month period should they be unable to pay the full amount as reflected on the September 2021 account.

spread maliciously that the higher accounts are a result of the illegal electricity connections in some informal areas and wish to state categorically that this is a lie. The opinion is held that these lies are spread to gain votes.

Overstrand Municipality

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.



Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

History Page

John McGregor

If you missed a copy of a history page, old newspaper for sale at R5.00

Familiewapens van bekende vanne in Gansbaai area (Deel 4)

Kemp



Betekenis: Kampvegter, kampioen; soms ook afkomstig van Kempen, België.

Stamvaders: Pieter Kemp van Brugge in Vlaandere, België.

De Kock



Betekenis: Oorspronklik Coq, dws haan.

Stamvader: Servaas de Kock van Middelburg in Seeland (Nederland). Kom in 1707 in die Kaap aan.


Van Dyk



Betekenis: Iemand wat aan of op 'n dyk woon.

Stamvaders: 1. Joost Pietersz van Dyk geb. in Ysenberg, Vlaandere (België) broer van 2. 2. Burgert Pietersz van Dyk. Timmerman van beroep, maar later gevestigde boer. In 1691-1707 het hulle alleenreg op die ontginning van hout agter Tafelberg gehad. 3. Johannes van Dyk, van Klundert, Nederland. 4. Evert van Dyk van Middelburg in Seeland, Nederland.

Matthee



Betekenis: Mansnaam, die apostel Mattheüs.

Stamvaders: Abraham Mathee of Metthé van Tramelan (Switzerland). Kom in 1743 hier aan as soldaat. Burger in 1750, woon toe op Stellenbosch. Oorl. 1768.

Het jy 'n probleem? Do you have a problem? Vir hulp skakel, Alkoholiste Anoniem, Linda 083 458 4077



**Gans-Berg News
on the shelves
every Thursday**

**Carpet & Window
Cleaning**
Gansbaai Area
Kontak Du Toit
083 469 9727

FYNBOS WENDY HOMES CC 1/6
**FYNBOS
INC**
- SAWMILL
- WENDY HOUSES
- BUILDING SUPPLIES
Cell: 072 858 2822 / Email: fynboswendy@outlook.com

JAMES ROUX
PROPERTIES / EIENDOMME
Tel: 028 384 1197
028 384 0248
Sel: 074 059 6243
www.gansbaaiproperty.co.za

CNC Sweis & Staal
* Stainless steel * Skuifhekke
* Ballustrading * Traliewerk
* Diefwering * Sleepwaens
* Veiligheidshেকে * Palisade Heining
Jannie Cronje cncstaal@gmail.co.za
028 384 2450 / 082 371 7283

KLEINMOND SKRYNWERKERS
Ingeboorde Slaapkamer
en Kombuiske ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

Anice Blindings
Alle soorte blindings & shutters
Vir GRATIS kwotasie
Skakel Andre' 072 563 7228 / Cesly: 082 564 5847

Maintenance Man
Noem dit en
ons doen dit!
Kontak Deon: 076 838 2890

To advertise contact:
Michelle at 079 821 2159
ads3@gansberg.co.za

**APPLIANCE
Repairs - Riaan**
Freezers, Fridges, Stoves, Dishwashers,
Microwaves, Washing Machine, Tumble Dryers
072 303 5742 - 084 353 0778

Ingeboorde Kaste
Ontwerp, Installeer en
opgradeering van ingeboorde
kaste
Gustav - Kleinbaai:
083 629 7876 & 083 881 2696

Email Hardus Botha for Articles:
info2@gansberg.co.za - 082 786 0494

TE HUUR

Bakkie met drywer + 6m sleepwa
Vervoer meubels - enige plek.
Sel: 082 556 3044
jossie.pepper1950@gmail.com

FRIDGE & FREEZER

Repairs
Robert Pace: 082 895 4546

Call us:
To Advertise
in our
Newspaper

Smalls

Op soek na 2 graf spasies wat te
koop is in die seesig begrafplaas
(ou begrafplaas).

Skakel Ria Witzs: 084 265 7164
Epos: riawitzs@gmail.com

Te Koop

'Off Cuts' word gebruik vir
tuinpaadjies, beddings, onder
die wasgoedlyn en paadjie na
jou heining om met buurman
te gesels. 028 384 0480




VIBRACRETE MURE Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R530 per meter
* GRATIS Kwotasies
10 Jaar waarborg op materiaal (Prys net vir Gansbaai Area) Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

BOSMAN VERWERS

Kontak ons vir 'n
kwotasie vir verf van
Huisse binne/ buite/
houtwerk of dak



Hennie & Elana
Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580

Bright Projects

DSTV Installations
Intercom Systems
CCTV
Electrical Installations
Internet Cabling
Cell: 083 665 3928
Whatsapp: 063 238 8170

Medical 911

Contact Marlisha
to advertise in our
Medical 911
082 557 5535
ads2@gansberg.co.za



CMC
CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
066 222 7219

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 LIFE
1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

St John Ambulance
EMERGENCY MEDICAL SERVICE
24 HOURS / 7 DAYS A WEEK
Local: 076 585 0899
National: 086 178 5646

Emergency Numbers:

Gansbaai Municipality:	028 384 8300
Overstrand Municipality:	24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013
Law Enforcement:	028 313 8996 / 028 313 8111
Disaster Risk Management:	028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122
Fire Department:	028 313 8980 / 028 312 2400
Marine & Coastal Management:	028 313 2703
Ambulans Service Toll free number:	10177
1LifeRescue:	Mark Robson - 082 414 9335
CMC Critical Medical Care:	066 222 7219
EMR Emergency Medical Rescue	076 585 0899
Gansbaai Police Station:	028 384 0201 / 10111
OMR Community Medix	078 699 6995



Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Willem van der Merwe - 083 791 8497
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
Baardskeerdersbos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark: Pastor Ivan Cornelius - 076 507 1335
Beverly Hills: Samuel Armando - 078 705 4842





Secured Storage Units
Gansbaai Industrial Area
Contact 028 384 1200

Municipal Ombud Committee Appointed

During a virtual Council meeting held on Wednesday afternoon, 13 October 2021, Council approved the appointment of members for an Ombud Committee in terms of sections 33 and 79 of the Local Government: Municipal Structures Act 117 of 1998.

The committee will be chaired by the Speaker of Council and two non-executive councillors representing the ruling party and the official opposition.

The objective of the Ombud Committee is to investigate complaints from members of the public referred to it by the Executive Mayor and to make a recommendation to Council. This will ensure that the Municipality is responsive and accountable while ensuring Council to exercise its oversight responsibilities.

Residents must note that this committee do not replace any of the existing complaint and appeal structures and are urged to exhaust these avenues first before referring a matter to the Executive Mayor.

Complaints in the above regard, can be directed to the Executive Mayor on mayor@overstrand.gov.za by giving a concise explanation of the nature thereof and

why it should be referred to the Ombud Committee.

The procedure to be followed

- The Ombud Committee* must have a discretion to adopt its own procedure. Notwithstanding the aforesaid the procedure should at all times be lawful, reasonable and fair and should therefore at least consist of that which follows below.
- The Mayor forward a complaint to the Chairperson of the Ombud Committee* together with all information obtained.
- The Chairperson call the committee together to consider the complaint and information obtained.
- The Ombud Committee* consider in the first instance whether the information is sufficient to decide the issue, alternatively whether there are factual disputes which should be amplified by oral evidence.
- The Ombud Committee* consider in the second instance whether it is necessary to co-opt advisory members.
- If the information is sufficient to decide the issue, then the Ombud

Committee* may decide the issue and make a written recommendation to Council supported by sound reasons.

- If the information is insufficient, and/or there are factual disputes and/or it is necessary to co-opt advisory members, then the Ombud Committee* must stand down to a further date in order for the Municipal Manager to appoint the advisory members and to arrange a date for the complainant and members of the administration to appear before the Ombud Committee*.
- On the further date both parties must be afforded an opportunity to place evidence before the Ombudsman. The members of the Ombud Committee* must be afforded the opportunity to ask questions of clarity.
- After all the evidence was gathered (on documents and oral representation) the Ombud Committee* must come to its decision by means of a written recommendation to Council.

Overstrand Municipality

Looking For Rare Items Not Available At Your Library?



Your local library card can give you access to an extensive collection of books, films, art works and prints, CDs, DVDs, Videos, language courses, vinyl records and sheet music as well as audiobooks from the Central Reference section within the Western Cape Library Service.

HOW?

Library members visit their public library. If the item isn't available at the public library, the library will request it via Inter-Library Loans (SLIMS/IMPALA), email, telephone or post from the Central Reference. Central Reference will process the request and send the item to the public library.

ART LIBRARY

One of the Library Service's declared

objectives is to promote art appreciation. Art prints have formed an integral part of library stock since 1961. Prints are made available to all public libraries for exhibitions and functions as well as for issuing to organisations and institutions.

FILM LIBRARY

The Film Library has a unique core collection of 16mm and 35mm films, many of which are not available anywhere else in the world. The film library has in many instances the only copy in South Africa of certain film titles that are not available on video or DVD. We issue films to public libraries, institutions and film production companies.

MUSIC LIBRARY

The Music Library has a specialised and unique collection of CDs, vinyl records and audio cassettes, including classical music from the great masters, contemporary music, folk, jazz and African music.

AUDIOVISUAL LIBRARY

The audiovisual collection includes copies of DVDs and videos on loan to all public libraries in the Western Cape. SN receives a copy of every DVD/video title purchased, which serves as a backup copy.

SABINET (South African Bibliographic Network)

Books, sheet music and articles from journals not available from the Library Service can be requested from other organisations. There might be cost involved.

HAVE YOU JOINED THE LIBRARY YET?

You can become a member of the library, free of charge, by complete a membership form to apply for membership.


You need to provide a valid identity document together with a proof of your home address (such as a utility bill) and a maximum of two references.

If you are applying for a card for a child who is younger than 17, you will need to sign their application form, and bring along their identity document as well as your own.

If you are renting from somebody you must bring with a copy of the first page of your agreement. If you stay with somebody they must give you a letter that states you are living with them.

Find an Overstrand library near you
<https://www.overstrand.gov.za/en/about-us/libraries>

Overstrand Municipality



"Opposite Build-It"
"We supply all makes of tyres"
 Keep your car roadworthy and safe

Gans-Berg

Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Hermanus, Stanford

Sport



SAFE
SECURITY SYSTEMS
 34 Main Road Gansbaai 7220
 Tel: 028 384 1900

OK Foods

Tel: 028 384 0001 **GANSBAAI**

WINKELURE

Maan - Sat
 07:00 - 19:00
Sondag
 07:00 - 15:00



OK Liquor

Tel: 028 384 3862

Mon - Fri
 08:00 - 19:00
Saturday
 08:00 - 19:00
Sunday
 08:00 - 15:00

Gansbaai Gholfklub:

Koos Myburgh klop gholfers met 9-putjie kompetisie

Koos Myburgh het Vrydag 15 Oktober 2021 se OK Foods 9-putjie kompetisie met 18 punte gewen. Swak weersomstandighede het Saterdag en Sondag se wedstryde in die wiele gery.

Woensdag 13 Oktober:

Andrew Dagleish wen die Sloegterskompetisie met 41 punte, gevolg deur Bev Swart 37, Leon Lombaard 36, Wally van Coler 34, Nico

Latsky 34, Clive Bailey 33, Cecil Galloway 33, Phillip Taylor 32, Kenny Aitken 32 en Joe Cesare 32.

Vrydag 15 Oktober:

Koos Myburgh wen die OK Foods 9-putjie kompetisie met 18 punte, gevolg deur Kenny Aitken 18, John Smith 15, Pietie Dry 12, Sakkie van der Merwe 12 en Hennie Kriel 12.

Saterdag & Sondag (16 & 17) Oktober:

Geen gholf as gevolg van die weer.

Saterdag 23 Oktober:

Die 4BBB Stableford is die Interklub kompetisie tussen Gansbaai, Kleinmond, Caledon en Theewaterskloof.

Gholf-groete,

Johan Coetzee 082 878 0534

gbgholf@gmail.com

Web: gansbaaigolfclub.com

Koos Myburgh.



Gansbaai Posduifklub:

Laaste wedvlug vir 2021



So kom nog 'n duiwe vliegseisoen tot sy einde. As 'n mens terugdink aan die jaar wat verby is, dan was dit een van die moeiliker jare wat duiwevlug betref. Nie net was weerstoestande van alle soorte, soos hitte, winde, reën, sneeu en nog ander natuur-elemente wat ervaar is, ondervind nie. Die valke was ook baie meer bedrywig as gewoonlik. Dit kan te wyte wees aan die baie brande wat daar was wat hulle van hulle kos ontnem het.

Die winde het ook 'n groot rol gespeel en baie duiwe is van koers af gedwing. Onder andere is daar gerapporteer dat duiwe selfs in George, Mosselbaai en dorpe aan die Weskus en Karoo aangekom het. Tel al hierdie verlore duiwe bymekaar en dan weet jy hoekom 50% van ons duiwe hierdie jaar weg is. Hierdie jaar was ook kouer as in die verlede en die twee

naweke met sneeu op die berge, was ook 'n faktor by die verloor van die duiwe.

Voor verlede week se Unie-uitslae:

Ope-wedvlug 1: Charl Kruger 8; Danielle-Ann Stevens 11; Louis Groenewald 17, 19.
Ope-wedvlug 2: Marisca Fourie 8; An-Mari Germishuys 9; Jurie Swart 10; Charl Kruger 16; Ruan Kruger 20.

Wat verlede week betref, was die wedvlug vanaf Hopetown (900km) die laaste wedvlug van die jaar. Gedurende die week is daar weer eens bespiegel of die wedvlug Saterdag of Sondag sou plaasvind, want die weervoorspelling was baie wispelturig. Op die ou end is besluit dat die wedvlug op Sondag sou plaasvind en dat dit verskuif word na Britstown (590km), wat beteken dat dit nou 'n middelpad-wedvlug sou wees en nie 'n langpad-wedvlug nie.

Sondag het maar trietsig begin, want dit het deur die nag gereën, saam met 'n baie sterk wind. Daar is egter voorsien dat die duiwe nie 'n té slegte wedvlug sou ondervind nie. Die eerste duiwe het om 16:11 in Gansbaai aangekom.

Klub-uitslae:

Ope-wedvlug 1: Jurie Swart 1, 4, 5, 10; Marisca Fourie 2, 15; Carli Swart 3, 7; An-Mari Germishuys 6, 11; Ashlen

Leonard 8; Luhann Fourie 9; Japie Swart 12, 14; Norman Stevens 13.

Net 15 duiwe deur vir die dag.
Ope-wedvlug 2: Norman Stevens 1, 4, 13; Japie Swart 2; Carli Swart 3, 6; Jurie Swart 5, 7, 10, 11; Charl Kruger 8; An-Marie Germishuys 9; Hilton Hitge 12; Ashlen Leonard 14; Marisca Fourie 15, 16.
 Net 16 duiwe deur vir die dag.

Met die ter perse gaan van hierdie berig was die Unie-uitslae nog nie beskikbaar nie.

Laastens wil ek al die duiweboere herinner aan die Dinokeng duiwe-veiling van Saterdag te Frankenstraat 7, Gansbaai. Die duiwe kan vanaf 08:00 besigtig word en die veiling begin om 11:00. Soos julle weet, word die room van elke duiwe-boer wat wil deelneem, na die hokke gestuur. As jy dus jou duiwehok wil verbeter, is dit die regte plek om Saterdag te wees.

Posduif-groete,
André Vorster
 072 248 8818

Franskraal Rolbalkklub:



Franskraal eindig 3de teen L'Agulhas

Twee van Franskraal Rolbalkklub se spanne het die klub verlede naweek op L'Agulhas gaan verteenwoordig. Twaalf spanne in totaal het deelgeneem. Die dag is deur *Lucor Konstruksies* geborg.

L'Agulhas se spanne het 1ste en 2de geëindig, met Franskraal in die 3de plek. Die dag se spel het in slegte reënweer met baie wind plaasgevind.

Hardus Botha



Diane Roodman, Kokkie de Kock, Jurgens Schröder en Lani Swart.